

HOOFSTUK 3: RESULTATE EN BESPREKING

1 ALGEMEEN

Die ondersoek draai om vier stelle of reekse gegewens:

A: Die vergelyking van die akademiese prestasies wat die verskillende sleepgroepe behaal het.

B: Die bepaling van die verband tussen die studente se akademiese prestasies en sekere veranderlikes in hulle verhoudingslewe.

C: Die vergelyking van die akademiese prestasies van studente van die twee universiteite.

D: Die vergelyking van die akademiese prestasies van mans en dames.

Dié vier reekse resultate word in hierdie hoofstuk in tabelvorm aangebied. Ná elke afsonderlike tabel word die gegewens daarin vervat bondig opgesom en word daar, waar moontlik, tot die een of ander gevolgtrekking gekom op grond van hierdie gegewens. Aan die einde van elke reeks volg daar 'n vollediger en meer globale bespreking.

2 EERSTE REEKS (A): VERGELYKING VAN DIE AKADEMIESE PRESTASIES WAT DIE VERSKILLENDSE SLEEPGROEPE BEHAAL HET

2.1 Algemeen

In hierdie reeks word die akademiese prestasies van die drie sleepgroepe -- VAS, NVN en GN (studente wat vas

sleep, dié wat nie-vas-nie sleep en dié wat glad nie sleep nie) -- met mekaar vergelyk.

Die steekproef bestaan uit studente van twee universiteite (Po: Potchefstroom en Pr: Pretoria) en twee geslagte (M: mans en V: dames). Die gemiddelde akademiese prestasies van hierdie groepe en kombinasies van groepe word in Tabel 1 aangegee (Hull-tellings).

TABEL 1

Gemiddelde akademiese prestasies

		VAS	NVN	GN
M	Po	51.2	59.4	37.5
	Pr	53.7	41.6	53.1
	Po+Pr	52.4	47.5	43.3
V	Po	50.4	57.9	47.9
	Pr	53.2	42.4	51.6
	Po+Pr	52.3	44.9	49.1
M+V	Po	50.6	58.7	44.9
	Pr	53.6	42.2	51.5
	Po+Pr	52.3	45.9	47.2

By die vergelyking van die akademiese prestasies van die verskillende groepe en kombinasies van groepe word, soos verduidelik in Hoofstuk 2: 11, van hulle matriekpunte gebruik

gemaak met die oog op kontrole, dit wil sê as aanduiding van hulle akademiese potensiaal.

2.2 Patroon en vorm van die tabelle

2.2.1 Patroon

Daar is nege tabelle wat soos volg aangebied word:

- | | |
|-------------------|--|
| (1) <u>PoPrMV</u> | (Die hele steekproef: albei universiteite, albei geslagte) |
| (2) <u>PoMV</u> | (Potchefstroom; albei geslagte) |
| (3) <u>PrMV</u> | (Pretoria; albei geslagte) |
| (4) <u>PoPrM</u> | (Al die mans) |
| (5) <u>PoPrV</u> | (Al die dames) |
| (6) <u>PoM</u> | (Die Potchefstroomse mans) |
| (7) <u>PoV</u> | (Die Potchefstroomse dames) |
| (8) <u>PrM</u> | (Die Pretoriase mans) |
| (9) <u>PrV</u> | (Die Pretoriase dames) |

2.2.2 Vorm

Die tabelle sien soos volg daar uit:

Links bo-aan elke tabel word die gemiddelde akademiese prestasies ($\bar{X}$) van die drie sleepgroepe (VAS/NVN/GN) in Hull-tellings aangegee. Die aantal gevalle in elke groep (n) verskyn tussen hakies. Die groep met die hoogste gemiddelde word telkens eerste (dit wil sê bo) genoem en die groep met laagste gemiddelde laaste (onder).

Aan die regterkant bo, langs hierdie gegewens, word die gemiddelde matriekpunte van die groepe aangegee -- ook in Hull-tellings. Die aantal studente van wie die matriekpunt

in elke groep beskikbaar was, word tussen hakies genoem. Die groep met die hoogste gemiddelde matriekpunt word weer eerste en die groep met die laagste gemiddelde laaste genoem.

Voorbeeld:

	AP			MP		
		n	$\bar{X}$		n	$\bar{X}$
Hoogste groep	VAS	(14)	56.4	NVN	(11)	52.2
	GN	(9)	50.1	VAS	(14)	49.6
Laagste groep	NVN	(12)	47.1	GN	(7)	48.0

In hierdie geval Wat die matriekpunte
 vaar die VAS- betref, het die NVN-
 groep (waarin groep (n=11) die beste
 daar 14 persone gevaar (Hull-telling
 is) akademies die van 52.2) en die
 beste (Hull- GN-groep die swak-
 telling van 56.4) ste.
 en die NVN-groep
 die swakste.

In 'n tweede deel van die tabel word die akademiese prestasies van die drie sleepgroepe (of kombinasies van groepe) vergelyk in die volgorde:

1. VAS met NVN
2. VAS met GN
3. VAS met NVN en GN
4. NVN met GN
5. NVN met VAS en GN
6. GN met VAS en NVN

Die groepe wat vergelyk word, word telkens aangedui. Daarna word die vlak van beduidendheid van die verskil

(indien enige) aangedui onder die *? : ** beteken dat die verskil tussen die tellings beduidend is op of bokant die 1%-peil; * beteken dat die tellings verskil op die 5%-peil van beduidendheid (maar nie op die 1%-peil nie). As die tellings nie beduidend verskil nie, word dit aangedui met die woord „nee” in die betrokke ruimte. Indien die tellings beduidend verskil, word die groep (of kombinasie) met die hoogste gemiddelde ná die asterisk(e) genoem.

Daarna, regs hiervan, word die matriekpunte van die groepe vergelyk. Die doel hiermee is om te kontroleer of verskille wat gevind is, nie moontlik toegeskryf kan word aan verskille in die groepe se akademiese potensiaal (soos afgelei van hulle matriekuitslae) nie -- as die groep wat die hoogste matriekpunt het ook akademies die beste vaar, kan hierdie verskil dus nie toegeskryf word aan die invloed van 'n besondere sleeppatroon nie. Aan die ander kant kan dit gebeur dat daar geen verskille in die groepe se akademiese prestasies is nie, terwyl hulle matriekpunte beduidend verskil; dit mag ook veelseggend wees. Die vlak van beduidendheid en die groep met die hoogste gemiddelde word soos in die vorige kolom aangedui.

-- Matriekpunt is natuurlik slegs 'n geldige kontrolefaktor indien dit beduidend met die betrokke groepe se akademiese prestasies korreleer. Daarom word daar, in 'n derde kolom, aangedui of die matriekpunte en akademiese prestasies van die groepe wel korreleer. Die asteriske (of die „nee”) word soos voorheen gebruik; onder die +/- word die rigting van die korrelasie aangetoon; en die betrokke rs-waarde word vermeld. -- Indien die matriekpunte van die betrokke groepe nie beduidend korreleer met hulle akademiese prestasies nie, word die matriekpunte van dié groepe nie eers vergelyk nie; daar verskyn slegs 'n / in die MP-kolom.

Voorbeeld:

	AP	MP	korr: MP-AP
	hoogste *? groep	hoogste *? groep	*? +/- rs=
3. VAS - NVN+GN	* VAS	nee	** + .36
Die akademiese prestasies van die VAS-groep aan die een kant en die NVN- en GN-groepe aan die ander kant verskil beduidend op die 5%-peil; die VAS-groep vaar die beste. Die matriekpunte van die twee groepe (VAS vs. NVN+ GN) verskil nie beduidend nie. Die akademiese prestasies van die hele groep (VAS+NVN+ GN) korreleer beduidend positief op die 1%-peil (rs= .36) met hulle matriekpunte.			

In hierdie geval presteer die VAS-groep dus beduidend beter as studente wat nie vas sleep nie (die NVN- en GN-groepe). Klaarblyklik hang die verskil tussen die groepe se akademiese prestasie dus saam met hulle verskillende sleeppatrone, en kan dit nie toegeskryf word aan verskille in akademiese vermoë (matriekpunt) nie -- die groepe se matriekpunte verskil nie beduidend nie, hoewel die matriekpunte en akademiese prestasies van die groep as geheel hoogs beduidend korreleer.

2.3 Die tabelle

TABEL A(1) (volgende bladsy)

TABEL A(1)

Po Pr MV

	AP		MP	
	n	$\bar{X}$	n	$\bar{X}$
hoogste groep	VAS (89)	52.3	NVN (39)	50.31
	GN (37)	47.2	VAS (84)	50.30
laagste groep	NVN (40)	45.9	GN (33)	48.7

	AP		MP		korr: MP-AP	
	* ?	hoogste groep	* ?	hoogste groep	* ?	+/- rs=
1. VAS - NVN	*	VAS	nee		**	+ .37
2. VAS - GN		nee	nee		**	+ .32
3. VAS - NVN+GN	*	VAS	nee		**	+ .33
4. NVN - GN		nee	nee		*	+ .27
5. NVN - VAS + GN	*	VAS+GN	nee		**	+ .33
6. GN - VAS + NVN		nee	nee		**	+ .33

Gevolgtrekking: Omdat, wat die steekproef in die geheel betref,

- (a) die matriekpunte van die groepe en kombinasies van groepe in geen enkele geval beduidend verskil nie, en
- (b) die matriekpunte en die akademiese prestasies in alle gevalle beduidend (en in die meeste gevalle hoogs beduidend) positief korreleer,

kan daar verwag word dat, indien studente se sleeppatroon geen invloed op hulle akademiese prestasiepeil het nie, die akademiese prestasies van die groepe en kombinasies van groepe ook nie beduidend sou verskil nie.

Uit Tabel A(1) is die volgende egter duidelik:

(i) Die VAS-groep se akademiese prestasiepeil word positief beïnvloed deur hulle sleeppatroon. By 1 en 3, asook by 5, vaar hulle akademies beter as wat verwag kon word. Die VAS-groep vaar dan ook akademies die beste.

(ii) Die NVN-groep se akademiese prestasie word nadelig geraak deur hulle sleeppatroon (1, 5; ook 3). Die NVN-groep vaar dan ook akademies die swakste.

(iii) Die peil van die GN-groep se akademiese prestasie word blykbaar nie geraak deur die feit dat hulle glad nie sleep nie. By 3 vaar hulle in kombinasie swakker en by 5 beter as wat verwag is. In elke geval kan daar aangeneem word dat die groep waarmee hulle gekombineer is, vir die neiging verantwoordelik is.

TABEL A(2)

Po M V (Potchefstroom)

		AP		MP	
		n	$\bar{X}$	n	$\bar{X}$
hoogste groep	NVN	(9)	58.7	NVN	(9) 60.6
	VAS	(38)	50.6	VAS	(36) 50.2
laagste groep	GN	(24)	44.9	GN	(21) 42.9

		AP	MP	korr: MP-AP		
		*? hoogste groep	*? hoogste groep	*? +/-	rs=	
1.	VAS - NVN	nee	* NVN	** +	.49	
2.	VAS - GN	nee	nee	* +	.34	
3.	VAS - NVN + GN	nee	nee	** +	.43	
4.	NVN - GN	** NVN	** NVN	** +	.42	
5.	NVN - VAS + GN	* NVN	** NVN	** +	.43	
6.	GN - VAS + NVN	* VAS+NVN	** VAS+NVN	** +	.43	

Gevolgtrekking: Die verskynsel dat die NVN-groep van Potchefstroom, strydig met die algemene neiging (Tabel A(1)) en die rangorde van die groepe by Pretoria (Tabel A(3) hieronder), akademies die botoon voer, moet gesien word in die lig van hulle besonder hoë matriekpunte, wat beduidend hoër is as dié van die tweedehoogste groep (die VAS-groep -- kyk vergelyking 1) en beter as dié van die ander groepe saam (5).

Uit Tabel A(2) is die volgende dan duidelik:

(i) Die VAS-groep vaar akademies beter as wat verwag is (1), al is hulle punte nie werklik die hoogste nie; hulle sleeppatroon het dus klaarblyklik 'n positiewe uitwerking op hulle akademiese prestasiepeil.

(ii) Die NVN-groep vaar wel akademies die beste, maar hulle punte is nogtans swakker as wat verwag is (1; ook 5. -- By vergelyking 5 vaar die NVN-groep wel akademies beter as die VAS+GN-kombinasie, soos wat die geval is ten opsigte van hulle matriekpunte, maar die vlak van beduidendheid van die verskil het, ten opsigte van akademiese prestasie, aanmerklik gekrimp). Dié groep se sleeppatroon het 'n nadelige uitwerking op hulle akademiese prestasiepeil.

(iii) Die GN-groep se akademiese prestasiepeil word effens bevoordeel deur hulle „sleeppatroon” (6, waar die vlak van beduidendheid van die verskil ten opsigte van hulle akademiese prestasie veel laer is as by hulle matriekpunte -- die hoogs beduidende korrelasie tussen hierdie twee veranderlikes ten spyte).

TABEL A(3) (volgende bladsy)

TABEL A(3)

Pr M V (Pretoria)

	AP			MP		
	n	$\bar{X}$		n	$\bar{X}$	
hoogste groep	VAS	(51) 53.6		GN	(12) 59.0	
	GN	(13) 51.5		VAS	(48) 50.3	
laagste groep	NVN	(31) 42.2		NVN	(30) 47.1	

	AP		MP		korr: MP-AP	
	*?	hoogste groep	*?	hoogste groep	*? +/-	rs=
1. VAS - NVN	**	VAS	nee		** +	.27
2. VAS - GN		nee	*	GN	* +	.28
3. VAS - NVN + GN	**	VAS	nee		** +	.26
4. NVN - GN	*	GN	/		nee +	.21
5. NVN - VAS + GN	**	VAS+GN	*	VAS+GN	** +	.26
6. GN - VAS + NVN		nee	**	GN	** +	.26

Gevolgtrekking: Op grond van 'n vergelyking van die matriekpunte van die Pretoriase groep, en in die lig van die beduidende positiewe korrelasies tussen hulle matriekpunte en akademiese prestasies wat in byna alle gevalle voorkom, is die volgende uit Tabel A(3) duidelik:

(i) Die VAS-groep se sleeppatroon bevoordeel deurgaans hulle akademiese prestasiepeil (1, 2, 3; ook 5 en 6). Die VAS-groep vaar dan ook akademies die beste.

(ii) Die NVN-groep se akademiese pretasie word negatief beïnvloed deur hulle sleeppatroon (1; ook 3 en 5). (By vergelyking 6 vaar hulle in kombinasie beter as wat verwag is. Dit is duidelik dat die groep waarmee hulle gekombineer is -- die VAS-groep, wat veel beter vaar as wat verwag kon word -- vir hierdie neiging verantwoordelik is; die VAS-groep is buiten -- dien veel groter as die NVN-groep.) Die NVN-groep vaar

dan ook akademies die swakste.

(iii) Die GN-groep se akademiese prestasie word nadelig getref deur hulle „sleeppatroon” (2, 6; ook 3). -- Hulle het verreweg die hoogste matriekpunt (en hierdie veranderlike korreleer meesal beduidend met die groepe se akademiese prestasiepeil), maar akademies speel hulle die tweede viool.

TABEL A(4)

Po Pr M (Die mans)

	AP			MP		
	n	$\bar{X}$		n	$\bar{X}$	
hoogste groep	VAS	(26) 52.4		NVN	(15) 53.4	
	NVN	(15) 47.5		VAS	(26) 49.1	
laagste groep	GN	(12) 43.3		GN	(11) 47.3	

	AP		MP		korr: MP-AP		
	*?	hoogste groep	*?	hoogste groep	*?	+/-	rs=
1. VAS - NVN	nee		nee		*	+	.35
2. VAS - GN	nee		nee		*	+	.33
3. VAS - NVN + GN	nee		nee		**	+	.41
4. NVN - GN	nee		nee		**	+	.59
5. NVN - VAS + GN	nee		nee		**	+	.41
6. GN - VAS + NVN	nee		nee		**	+	.41

Gevolgtrekking: By die mans vaar die VAS-groep akademies die beste ten spyte daarvan dat die NVN-groep die hoogste matriekpunte het en laasgenoemde groep se matriekpunte telkens beduidend positief korreleer met hulle akademiese prestasies.

Die GN-groep, in ooreenstemming met hulle lae matriekpunte, vaar akademies die swakste.

Geeneen van bogenoemde verskille is egter beduidend nie.

Omdat nòg die matriekpunt, nòg die akademiese prestasie van enige van die groepe of kombinasies van groepe beduidend verskil, terwyl hierdie twee veranderlikes telkens wel beduidend positief korreleer, wil dit lyk asof, in soverre dit die mans van die twee universiteite betref, die peil van hulle akademiese prestasie saamhang met hulle akademiese potensiaal (matriekpunt), en dat dit nie merkbaar deur die een of ander sleeppatroon geraak word nie.

TABEL A(5)

Po Pr V (Die dames)

	AP			MP		
	n	$\bar{X}$		n	$\bar{X}$	
hoogste groep	VAS	(63)	52.3	VAS	(58)	50.8
	GN	(25)	49.1	GN	(22)	49.5
laagste groep	NVN	(25)	44.9	NVN	(24)	48.3

	AP		MP		korr: MP-AP	
	*?	hoogste groep	*?	hoogste groep	*? +/-	rs=
1. VAS - NVN	*	VAS	nee		** +	.36
2. VAS - GN		nee	nee		** +	.33
3. VAS - NVN + GN	*	VAS	nee		** +	.27
4. NVN - GN		nee	/		nee -	.01
5. NVN - VAS + GN	*	VAS + GN	nee		** +	.27
6. GN - VAS + NVN		nee	nee		** +	.27

Gevolgtrekking: By die dames is daar beduidende verskille in die peil van die akademiese prestasie van die verskillende sleepproepe. Hieruit, en in die lig van die beduidende positiewe korrelasies tussen hulle matriekpunte en akademiese prestasies

en die feit dat die matriekpunte van geeneen van die groepe of kombinasies van groepe beduidend verskil nie, kan die volgende afgelei word:

(i) Die VAS-groep vaar akademies beter as wat verwag is (1, 3; ook 5); hulle sleeppatroon het 'n bevorderlike uitwerking op die peil van hulle akademiese prestasies.

(ii) Die NVN-groep vaar akademies aansienlik swakker as wat verwag kon word (1, 5; ook 3); hulle sleeppatroon het 'n negatiewe uitwerking op hulle akademiese prestasie.

(iii) Die GN-groep se akademiese prestasiepeil word blykbaar nie geraak deur die feit dat hulle nie sleep nie. By vergelyking 3 vaar hulle in kombinasie ietwat swakker en by 5 effens beter as wat verwag is.

Soos die meeste gevalle, behaal die VAS-groep ook hier inderdaad die beste akademiese prestasie, terwyl die NVN-groep die swakste vaar.

TABEL A(6)

Po M (Die Potchefstroomse mans)

		AP		MP	
		n	$\bar{X}$	n	$\bar{X}$
hoogste groep	NVN	(5)	59.4	NVN	(5) 66.3
	VAS	(13)	51.2	VAS	(13) 49.1
laagste groep	GN	(7)	37.5	GN	(6) 40.2

	AP		MP		korr: MP-AP	
	*?	hoogste groep	*?	hoogste groep	*? +/-	rs=
1. VAS - NVN	nee		*	NVN	* +	.47
2. VAS - GN	nee		nee		* +	.41
3. VAS - NVN+GN	nee		nee		** +	.51
4. NVN - GN	nee		**	NVN	** +	.68
5. NVN - VAS+GN	nee		**	NVN	** +	.51
6. GN - VAS+NVN	nee		nee		** +	.51

Gevolgtrekking: Op grond van 'n vergelyking van die matriekpunte van die sleepgroepe en kombinasies van groepe van die Potchefstroomse mans, en in die lig van die beduidende positiewe korrelasies tussen hulle matriekpunte en akademiese prestasies, en hoewel die groepe se akademiese prestasies in geen geval beduidend verskil nie, kan die volgende uit Tabel A(6) afgelei word:

(i) Die VAS-groep vaar akademies beter as wat verwag is (1), hoewel hulle akademies slegs tweedebeste daaraan toe is. Hulle sleeppatroon het 'n positiewe uitwerking op hulle akademiese prestasiepeil.

(ii) Die NVN-groep, ten spyte daarvan dat hulle akademies die beste vaar, vaar nogtans telkens veel swakker as wat verwag kon word (1, 4, 5). Hulle sleeppatroon het 'n nadelige uitwerking op die peil van hulle akademiese prestasies.

(iii) Die GN-groep, hoewel hulle die swakste vaar, se prestasiepeil is nie so swak as wat verwag kon word nie (4; ook 5). Dit wil voorkom asof hulle „sleeppatroon” 'n voordelige uitwerking op hulle akademiese prestasiepeil het.

TABEL A(7) (volgende bladsy)

TABEL A(7)

Po V (Die Potchefstroomse dames)

	AP			MP		
	n	$\bar{X}$		n	$\bar{X}$	
hoogste groep	NVN	(4) 57.9		NVN	(4) 53.6	
	VAS	(25) 50.4		VAS	(23) 50.8	
laagste groep	GN	(17) 47.9		GN	(15) 44.0	

	AP		MP		korr: MP-AP	
	*?	hoogste groep	*?	hoogste groep	*? +/-	rs=
1. VAS - NVN	nee		nee		** +	.45
2. VAS - GN	nee		/		nee +	.24
3. VAS - NVN + GN	nee		nee		* +	.34
4. NVN - GN	nee		/		nee +	.16
5. NVN - VAS + GN	nee		nee		* +	.34
6. GN - VAS + NVN	nee		nee		* +	.34

Gevolgtrekking: Wat die Potchefstroomse dames betref, verskil nóg die matriekpunte nóg die akademiese prestasiepeil van die groepe of kombinasies van groepe in enige geval beduidend. Geen betekenisvolle afleiding kan gemaak word oor die rol van hulle sleeppatroon by die bepaling van die peil van hulle akademiese prestasie nie.

Omdat die rangorde van die groepe ten opsigte van beide matriekpunte en akademiese prestasie identies is, en omdat dié twee veranderlikes meesal beduidend positief korreleer, kan aangeneem word dat die Potchefstroomse dames se akademiese prestasiepeil meer afhanklik is van hulle akademiese potensiaal as van die aard van hulle verhoudingslewe.

TABEL A(8) (volgende bladsy)

TABEL A(8)**Pr M (Die Pretoriase mans)**

	AP			MP		
		n	$\bar{X}$		n	$\bar{X}$
hoogste groep	VAS	(13)	53.7	GN	(5)	55.7
	GN	(5)	53.1	VAS	(13)	49.1
laagste groep	NVN	(10)	41.6	NVN	(10)	46.9

	AP		MP		korr: MP-AP	
	*?	hoogste groep	*?	hoogste groep	*? +/-	rs=
1. VAS - NVN	*	VAS	/		nee +	.24
2. VAS - GN	nee		/		nee +	.21
3. VAS - NVN+GN	nee		/		nee +	.31
4. NVN - GN	nee		nee		* +	.50
5. NVN - VAS+GN	*	VAS+GN	/		nee +	.31
6. GN - VAS+NVN	nee		/		nee +	.31

Gevolgtrekking: In die lig van die feit dat die matriekpunte en die akademiese prestasies van die Pretoriase mans slegs in een geval (vergelyking 4) beduidend korreleer, en in dié geval nòg die matriekpunte, nòg die akademiese prestasies van die groepe beduidend verskil, kan geen betekenisvolle afleidings gemaak word aangaande die invloed van hierdie groep se sleep-patroon op die peil van hulle akademiese prestasies nie.

As daar egter bloot gelet word op die verskille tussen die groepe se akademiese prestasies (siende dat matriekpunt in hierdie geval buitendien nie bruikbaar is vir kontroledoel-eindes nie), is dit duidelik dat die VAS-groep die beste en die NVN-groep die swakste vaar. Dit rym met die neiging wat so konsekwent in die vorige tabelle opgemerk is.

TABEL A(9)

(volgende bladsy)

TABEL A(9)

Pr V (Die Pretoriase dames)

	AP			MP		
		n	$\bar{X}$		n	$\bar{X}$
hoogste groep	VAS	(38)	53.2	GN	(7)	61.3
	GN	(8)	51.6	VAS	(35)	50.7
laagste groep	NVN	(21)	42.4	NVN	(20)	47.3

	AP		MP		korr: MP-AP	
	*?	hoogste groep	*?	hoogste groep	*? +/−	rs=
1. VAS - NVN	**	VAS	nee		** +	.30
2. VAS - GN		nee	nee		* +	.29
3. VAS - NVN+GN	**	VAS	nee		* ÷	.25
4. NVN - GN		nee	* GN		* +	.28
5. NVN -VAS+GN	**	VAS+GN	* VAS+GN		* +	.25
6. GN - VAS+NVN		nee	* GN		* +	.25

Gevolgtrekking: Op grond van 'n vergelyking van die akademiese prestasies en die matriekpunte van die groepe en kombinasies van groepe, en in die lig van die korrelasies tussen die matriekpunte en die akademiese prestasies van die Pretoriase dames, kan die volgende afgelei word:

(i) Die VAS-groep se sleeppatroon het 'n positiewe uitwerking op hulle akademiese prestasiepeil -- hulle vaar telkens beter as wat verwag kon word (1, 3; ook 6). Dié groep vaar dan ook akademies die beste.

(ii) Die NVN-groep se sleeppatroon skyn soms 'n positiewe (4; ook 6) en dan weer 'n negatiewe uitwerking (1; ook 3 en 5) op hulle akademiese prestasiepeil te hê. Geen konsekwente tendens is te bespeur nie. Die teenstrydige neigings is klaarblyklik in die meeste gevalle toe te skryf aan die invloed van die ander groepe in die vergelyking.

(iii) Die GN-groep het die hoogste matriekpunt, maar akademies speel hulle tweede viool. By 4 en 6, asook by 3, vaar hulle swakker as wat verwag is. Hulle „sleeppatroon” het blykbaar 'n negatiewe uitwerking op hulle akademiese prestasiepeil.

2.4 Bespreking

2.4.1 Algemeen

2.4.1.1 Rangorde van groepe

In die meeste gevalle vaar die VAS-groep akademies die beste; hulle vaar byna sonder uitsondering beter as wat op grond van hulle akademiese potensiaal (soos gemeet aan matriekpunte) verwag kon word.

Die NVN-groep vaar meesal akademies die swakste, en byna deurgaans swakker as wat verwag kon word op grond van hulle matriekuitslae.

Die GN-groep vaar nou 'n bietjie beter, dan weer effens swakker as wat verwag is; daar is geen sterk of konsekwente verband tussen hulle „sleeppatroon” en hulle akademiese prestasiepeil gevind nie.

2.4.2.2 Slepers: geen homogene groep

Een van die merkwaardigste (en waarskynlik belangrikste) bevindings van die studie tot dusver is die verskynsel dat die VAS- en NVN-groepe (die studente wat sleep) se akademiese prestasies in die meeste gevalle grootliks verskil. Hulle is dus, ten minste akademies gesien, geen homogene groep nie. En hierdie verskille is, volgens alle aanduidings, nie 'n gevolg van verskil in akademiese potensiaal nie; die verskille hou egter 'n onteenseglike verband met die aard van hulle verhoudingslewe.

Die implikasie hiervan is tweërlei: In die eerste plek kan daar nie getwyfel word nie aan die feit dat die aard van studente se verhoudingslewe 'n belangrike rol speel by die bepaling van hulle akademiese prestasiepeil. (Dit word later uitvoeriger bespreek.)

In die tweede plek kan hierdie bevinding as 'n aanduiding gesien word dat baie vorige navorsers gefouteer het deur sleep as 'n enkelvoudige verskynsel en studente wat sleep as 'n homogene groep te behandel. Uit die gegewens wat so pas gerapporteer is, is dit duidelik dat daar beslis nie bloot gepraat kan word van studente wat sleep en dié wat nie sleep nie -- die aard van die sleper se verhoudingslewe (spesifiek: of hy vas sleep of nie-vas-sleep nie) is ook van belang -- ja, selfs belangriker (akademies gesproke) as die meer tradisionele onderskeid tussen sleepers en nie-sleepers!

2.4.2 Die VAS-groep

Studente wat vas sleep, vaar in die meeste gevalle beter as enige ander sleepgroep; en waar hulle nie die beste vaar nie, is hulle akademiese prestasie sonder uitsondering beter as wat op grond van hulle matriekprestasie (wat gewoonlik baie hoog korreleer met die groepe se akademiese prestasiepeil) verwag kon word. Daar is geen twyfel nie dat vas sleep bevorderlik is vir optimale akademiese prestasie.

Daar sal nou gepoog word om hierdie verskynsel te verklaar.

2.4.2.1 Sleep en persoonlikheidsgroei

Lowrie ²⁹⁾ beklemtoon by herhaling dat sleep („dating”), deurdat dit aan die student 'n geleentheid verskaf om breër ondervinding op te doen, om homself sosiaal te oriënteer, om spannings te verlig en om status te verkry, „... an unquestionable element in the growth of personality” is (p.92). Dit is

nie vergesog nie om te veronderstel dat sleep -- en dan veral vas sleep -- in dié lig gesien, 'n positiewe uitwerking op die student se akademiese prestasiepeil sal hê.

2.4.2.2 Vas sleep en volwassenheid

Daar is reeds aangetoon (Hoofstuk 1: 3.4.2.3) dat daar 'n verband bestaan tussen volwassenheid en goeie akademiese vordering.

Nou word daar nie beweer dat studente wat vas sleep, noodwendig meer volwasse is as ander groepe nie. Tog is dit so dat sommige kenmerke van volwassenheid ook geassosieer word met 'n vaste sleepverhouding:

(a) Langtermyn doelstellings: Volgens Hummel en Sprinthall²⁵⁾ is die goeie presteerder nie alleen doelgerig („purposeful”) in sy optrede nie -- hy is ook „... more willing to postpone immediate gratifications to achieve distant goals” (p.394). In dieselfde trant noem Van der Merwe⁵⁷⁾ sekere eienskappe van die goeie presteerder: hy is emosioneel ryp; hy is in staat tot selfdisipline; hy het gevestigde toekomstplanne. Ook Tukey⁵⁵⁾ noem dat haar intellektueelgeoriënteerde studente (wat as groep akademies meer vermag as die ander) deur langtermyn doelstellings gemotiveer word.

Dit kan nie ontken word nie dat vas sleep 'n element van permanensie, stabiliteit of toekomstgerigtheid inhou -- ten minste meer as 'n nie-vaste verhouding. 'n Student met 'n sodanige instelling sal waarskynlik, wanneer hy sleep, eerder as dié wat minder toekomstgerig is, 'n vaste verhouding verkies.

Aan die ander kant is dit waarskynlik so dat die aanknoop van 'n vaste verhouding die ontwikkeling van so 'n toekomstgerigte instelling kan stimuleer, aangesien die element

van toekomsgerigtheid 'n belangrike plek in 'n verhouding van hierdie aard inneem.

Wat ookal die presiese aard van die verband is: dit is duidelik dat 'n stabiele en toekomsgeoriënteerde instelling, wat beslis bevorderlik is vir optimale akademiese prestasie, ook geassosieer word met 'n vaste verhouding.

(b) Verantwoordelikheid: Die stel van langtermyn doelstellings mag moontlik gesien word as verantwoordelikheid alleen teenoor die self; daarom hoef dit nie noodwendig met enige soort sleep geassosieer te word nie. Wanneer daar egter gepraat word van verantwoordelikheid teenoor andere, of ten minste teenoor een ander persoon, is dit onbetwisbaar 'n kenmerk van 'n gesonde vaste verhouding.

Verskeie ondersoekers noem dan ook dat goeie presteerders se volwassenheid onder andere blyk uit 'n goed ontwikkelde verantwoordelikhedsin (Gelso en Rowell¹⁵⁾; Dean⁸⁾; -- vergelyk Hoofstuk 1: 3.4.2.3).

Daar kan aangeneem word dat studente met hierdie eienskappe geredeliker 'n vaste verhouding sal aanknoop. Die student, daarenteen, wat nie hierdie sin vir verantwoordelikheid het nie -- die student wat nie besef of nie wil besef dat sy doen en late ook ander mense of 'n ander persoon raak nie -- sal waarskynlik nie in staat wees om 'n vaste verhouding aan te knoop en vol te hou nie.

Maar weer eens moet daar genoem word dat so 'n verantwoordelikeidbesef heel moontlik in die loop van 'n vaste verhouding kan ontwikkel, of ten minste daardeur versterk kan word.

Hoe dit ookal sy: 'n verantwoordelike lewenshouding,

wat kenmerkend is van 'n volwasse persoon, lê 'n vaste verhouding ten grondslag, of behoort 'n sodanige verhouding ten grondslag te lê; dit kan gesien word as een van die faktore wat studente wat vas sleep se akademiese prestasiepeil positief beïnvloed.

(c) Vermoë tot intieme kontak: Stewart⁵²⁾ het die verband tussen Shostrom se Personal Orientation Inventory (POI) en studente se akademiese prestasiepeil ondersoek. Die enigste veranderlike wat beduidende korrelasies gelewer het, is die vermoë tot intieme kontak („capacity for intimate contact“). Hierdie eienskap kan as 'n kenmerk van volwassenheid gesien word. Omdat volwassenheid geassosieer word met bevredigende akademiese prestasie, kan daar veronderstel word dat die vermoë tot intieme kontak 'n faktor is in studente se voorkeur vir 'n vaste verhouding. Die moontlikheid dat hierdie eienskap ook binne 'n vaste verhouding kan ontwikkel en gestimuleer word, kan egter nie uitgesluit word nie.

*

Volwassenheid, en alles wat daarmee samhang, is dus duidelik nie alleen 'n eienskap wat die goeie presteerder kenmerk nie -- dit is ook 'n belangrike deel, selfs 'n voorvereiste, van 'n vaste verhouding. Terwyl dit so mag wees dat studente wat reeds 'n redelike mate van volwassenheid bereik het, meesal sal verkies om vas te sleep, wil dit ook voorkom asof die kenmerke van volwassenheid binne 'n vaste verhouding kan en sal ontwikkel.

2.4.2.3 Vas sleep en sosiale inskakeling en aanvaarding

Die belang van sosiale oriëntering en aanvaarding vir optimumprestasie is reeds beklemtoon (Hoofstuk 1: 3.5.3).

Om daarin te slaag om 'n verhouding met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag aan te knoop, en veral wanneer dit in 'n vaste verhouding ontwikkel, is 'n belangrike deel -- selfs die kern -- van 'n student se sosiale oriëntasie. (Dit geld miskien veral vir die meer konserwatiewe Afrikaanse universiteite.) Die voordele wat met sosiale inskakeling geassosieer word, is selfs nog kenmerkender in die vaste verhouding: die bekom van sekuriteit en selfvertroue, die verligting van spanning, die vorming van 'n gesonde selfbegrip, die geleentheid tot rol- (veral geslagsrol-) uitlewing, die bevordering van selfaanvaarding en baie meer. (Vergelyk veral Ehrmann¹²⁾, pp. 142-143.) Die gevolg hiervan moet wees optimale (of ten minste verbeterde) algemene funksionering, wat beslis ook op akademiese gebied tot uiting sal kom.

2.4.2.4 Vas sleep: kommunikasie en emosionele steun

Slocum⁴⁹⁾ skryf, op grond van sy bevindings, dat dit duidelik is dat studente „... have special need for emotional support and encouragement from parents" (p. 62). Dit is eienaardig dat hy slegs die student se ouers noem as bron van emosionele steun. Studente het immers ook van binne die eie portuurgroep emosionele steun nodig. Meer: daar kan selfs één enkele persoon uit hierdie groep wees wat hierdie funksie vervul -- 'n persoon van die teenoorgestelde geslag met wie 'n vaste verhouding aangeknoop is, 'n persoon wat die student ken, hom begryp en aanvaar, 'n persoon wat in hom glo, en wat hom kan besiel en motiveer om sy beste te gee, ook wat die akademiese betref. -- 'n Student sal waarskynlik alleen sy verhouding as „vas" beskryf wanneer hy bewus is van hierdie besondere mate van wedersydse aanklank in sy verhouding.

Die wyses waarop emosionele steun, soos hierbo genoem, in die vaste verhouding verskaf word, hang natuurlik af van die aard van die kommunikasie binne so 'n verhouding. Die klimaat in 'n vaste verhouding is kenmerkend en by uitstek geskik vir rustige en intieme kommunikasie. Ehrmann¹²⁾ beklemtoon dit treffend: „A highly significant aspect of the relationship (going steady) is the marked development of the right of accessibility of the one to the other" (p.142). Kommunikasie op hierdie innige en intieme vlak ontbreek kenmerkend in ons soort samelewing, hoewel die menslike behoefte daaraan nie ontken kan word nie. Vas sleep kan dus gesien word as „... an adjustment to the conflict, to the uncertainty and to the insecurity of the highly competitive and often exploiting dating patterns of not going steady" (Ehrmann¹²⁾, p.142). In dié sin is 'n vaste verhouding, veral vir die student aan 'n onpersoonlike grootstaduniversiteit, 'n bolwerk teen depersonalisasie, 'n waarborg van eie identiteit.

Van Wyk Louw, in Die Halwe Kring, het sy belewing van wat waarskynlik 'n vaste verhouding was, en die emosionele steun wat dit bied, meer poëties as Ehrmann verwoord, hoewel die essensie dieselfde bly:

... jy het die weg van alle vreug gevind,
 en waar jy was, moet altyd vreugde wees.
 Daarom is jy:
 'n laaste kuil van stilte tussen riet.

(„Jy was 'n kind.")

Die aard van die kommunikasie binne 'n vaste verhouding, en die groot mate van emosionele steun wat daaruit voortvloei, kan alleen bevorderlik wees vir persoonlikheidsintegrasie en -ontplooiing en vir optimale funksionering -- ook op akademiese gebied.

2.4.2.5 Vas sleep en selfverwesenliking

Bhatnagar²⁾, Fox¹⁴⁾, Tukey⁵⁵⁾, Ziller et al.⁶⁴⁾, Grinder²¹⁾ en Waller⁶²⁾ beklemtoon, elk op sy of haar eie manier, die belang van selfverwesenliking vir gesonde ego-integrasie en -funksionering. Hoewel daar reeds in die vorige bladsye by implikasie hierna verwys is (byvoorbeeld deur die belang van roluitlewering en groepinskakeling te noem), moet daar, hoe kortliks ook al, beklemtoon word dat die student, op sy ontwikkelingstadium, sterk ingestel is op selfverwesenliking, en dat sy geluk, sy aanpassing en sy algemene funksionering in 'n groot mate afhanklik is van die geleenthede daartoe. Dat vas sleep hierdie geleentheid bied tot "... self-realization ... the total employment of one's abilities as a basis for an integrated personality leading to optimal general, mental and physical health" (Tukey⁵⁵⁾, p.120) staan teen hierdie tyd stewig. Selfverwesenliking hou verband met ego-integrasie en ego-sterkte, en "... all the achievers show one significant common denominator, the outstanding ego-strength" (Bhatnagar²⁾, p.182).

2.4.2.6 Vas sleep en motivering

In Hoofstuk 1: 3.4.2.10 is daar aangetoon dat motivering deur talle navorsers beskou word as van kardinale belang vir bevredigende akademiese prestasie.

Die bron van 'n student se motivering om te studeer kan op talle plekke gesoek word. Daar is waarskynlik meer as een bron, hoewel party belangriker of sterker mag wees. Van basiese belang is byvoorbeeld die opvoedingspatroon wat tydens die vroeë kinderjare gevolg is (Winterbottom, in Morgan en King³⁷⁾, p.234).

Maar die mens (en dit sluit studente in!) word ook gemotiveer deur meer onmiddellike omstandighede en situasies. 'n Vaste verhouding, byvoorbeeld, met die elemente van toekomsgerigtheid en verantwoordelikheid teenoor 'n ander persoon, met die sosiale aanvaarding en emosionele steun wat daardeur verkry word, kan gesien word as 'n kontemporêre situasie wat 'n student kan motiveer om op akademiese gebied sy beste te lewer.

Dit mag natuurlik wees dat 'n hoë motiveringspeil, juis omdat dit die element van toekomsgerigtheid impliseer, die grondslag mag vorm van beide goeie akademiese prestasie en die geredeliker aanknoop van vaste verhoudings. Maar daar kan min twyfel wees dat 'n swak gemotiveerde student minder in staat sal kan wees om 'n vaste verhouding aan te knoop en daarmee vol te hou -- tensy hy sy instelling so wysig dat dit toekomsgeoriënteer en minder afhanklik van korttermyn doelstellings word. Sodoende kan vas sleep aanleiding gee tot die ontwikkeling van 'n sterker en meer toekomsgerigte motiveringsisteem.

Op 'n heel praktiese vlak kan die motiverende uitwerking van 'n vaste verhouding (en veral wanneer dit werklik 'n ernstige, dit wil sê huweliksgerigte, verhouding is) ook daarin gesien word dat die student besef dat swak akademiese prestasie, wat die gevaar van druiping inhou, kan veroorsaak dat dit 'n jaar of langer mag duur voordat hy kan begin verdien en in die huwelik kan tree. Dit geld nie alleen vir manstudente nie: dames verkies gewoonlik om hulle kursus te voltooi voordat hulle gaan trou, of in sommige gevalle mag dit nodig wees dat sy eers 'n tydlank moet werk (waarvoor haar kwalifikasies nodig is) voordat 'n huwelik moontlik is. Die besef dat druiping 'n aansienlike vertraging in hierdie planne sal meebring,

kan beslis gesien word as 'n motiverende faktor (veral dan vir potensiële druipers).

Die moontlikheid moet ook genoem word dat goeie akademiese prestasie vir die student wat vas sleep, van besondere belang kan word omdat hy besef dat sy vriendin (of omdat sy besef dat haar vriend) dit dophou, en dat hy/sy ook in die lig daarvan beoordeel word. 'n Student sal die gevaar dat sy aandele mag daal as gevolg van swak prestasie op akademiese gebied, probeer vermy. Veral vir die manstudent, wat ook as potensiële broodwinner beoordeel word, is hierdie saak waarskynlik van groot belang.

2.4.2.7 Opmerking oor moontlike nadelige gevolge van vas sleep

Daar is reeds in Hoofstuk 1: 3,5.4 en 4,4 genoem dat sleep -- ook vas sleep -- moontlik nadelige gevolge kan hê. Liefdesteleurstellings, onaangename ondervindings in die sleep-proses en die verskynsel dat studente se verhoudingslewe soms oormatig baie tyd en aandag in beslag kan neem, kan gesien word as ongewenste gevolge van vas sleep (Duff en Siegel¹⁰; Lowrie²⁹; Waller⁶²; Sarnoff en Raphael⁴⁵; Du Toit¹¹).

So ver as wat daar egter op grond van akademiese vordering geoordeel kan word, dui die resultate van die huidige studie daarop dat die positiewe uitwerking van vas sleep die moontlike nadele daarvan oorskadu.

Dit kan selfs so wees dat vas sleep eintlik relatief min nadele inhou (ten minste so ver as wat dit studente se akademiese prestasiepeil betref), en dat die veronderstelde negatiewe gevolge van sleep, waarvan daar in die literatuur sprake is, deel is van die verskynsel dat die meeste navorsers nalaat om te onderskei tussen vaste en nie-vaste sleepers. Die

huidige studie bewys dat nie-vaste slepers selde na wense presteer. Wanneer hulle dan saam met vaste slepers as 'n enkele groep gesien word, kan dit maklik gebeur dat 'n navorser vind dat sleep (sonder om te besin oor die aard van die betrokke verhoudings) 'n negatiewe uitwerking op studente se akademiese prestasiepeil het -- en dat hierdie bevinding dan in die eerste plek op nie-vaste, en nie op vaste slepers nie, betrekking het.

2.4.2.8 Oorsig: Die VAS-groep

Hoewel sleep waarskynlik onder sekere omstandighede en ten opsigte van sekere aspekte van die student se lewe as nadelig gesien kan word, is daar in hierdie studie gevind dat studente wat vas sleep, in die meeste gevalle verrassend goed presteer.

Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan die moontlikheid dat sekere eienskappe soos volwassenheid en 'n hoë (akademiese) motiveringspeil, wat geassosieer word met bogenoemde universiteitsprestasie, ook die grondslag vorm vir die aanknoop en instandhouding van 'n vaste verhouding. In dié sin is vas sleep nie direk verantwoordelik vir beter akademiese prestasie nie -- albei het dieselfde onderliggende eienskappe as basis.

Maar dan moet die moontlikheid nie uitgesluit word nie dat die ontwikkeling van bogenoemde eienskappe blykbaar deur 'n vaste verhouding gestimuleer kan word.

Ander eienskappe en omstandighede wat met goeie akademiese prestasie geassosieer word, is heel duidelik van so 'n aard dat dit binne 'n verhouding van hierdie aard ontstaan en ontwikkel: 'n Vaste verhouding verskaf emosionele steun en

vergemaklik roluitlewering, sosiale inskakeling en aanvaarding deur portuurgroepe; dit is 'n bolwerk teen depersonalisasie; dit bevorder selfverwesenliking, ego-integrasie en die vorming van 'n positiewe en gesonde selfbegrip; dit werk persoonlikheidsgroei in die hand.

In die lig hiervan is dit eintlik nie verrassend nie dat studente wat vas sleep, oor die algemeen akademies beter vaar as wat verwag is, en dan ook gewoonlik beter as studente met ander sleeppatrone of dié wat glad nie sleep nie.

*

Heelwat meer kan gesê word oor die VAS-groep se beter akademiese prestasie. Daar word spesifiek verwys na die hieropvolgende afdeling (2.4.3 Die NVN-groep) waar daar telkens gehandel sal word oor eienskappe of omstandighede wat nie-vaste sleepers kenmerk maar nie vaste sleepers nie, en omgekeerd. Hierdie bespreking sal dus ook op die VAS-groep meer lig werp.

2.4.3 Die NVN-groep

Wat die steekproef as geheel betref, vaar die NVN-groep akademies die swakste, en by byna al die subgroepe vaar hulle ten minste swakker as wat verwag is. Alles dui daarop dat hulle akademiese prestasiepeil nadelig getref word deur faktore in hulle besondere soort verhoudingslewe. Enkele van hierdie faktore sal nou onder die soeklig kom.

2.4.3.1 Onvolwassenheid

Sonder om te beweer dat die NVN-groep noodwendig onvolwasse is, moet daar tog op gewys word dat heelwat eienskappe wat geassosieer word met 'n onvolwasse persoonlikheid ook die tipiese nie-vaste verhouding kenmerk of dit ten grondslag lê. En onvolwassenheid is beslis een van die oorsake van

onbevredigende universiteitsprestasië (Hoofstuk 1: 3.4.2.3). Sommige van die kenmerke van onvolwassenheid wat ook met 'n nie-vaste verhouding geassosieer word, is die volgende:

(a) Gebrek aan stabiliteit: 'n Nie-vaste verhouding mag wel onder sekere omstandighede in 'n mate stabiel wees. Maar die tipiese nie-vaste verhouding word, uit die aard daarvan, deur 'n sekere gebrek aan stabiliteit gekenmerk. Marsh³²⁾ rapporteer 'n studie van Heilburn, waarin daar dan ook gevind is dat onderpresteerders 'n besondere behoefte aan verandering openbaar.

(b) Onverantwoordelike: In Hoofstuk 1: 3.4.2.3 is daar aangetoon dat swak akademiese vordering deur verskeie ondersoekers in verband gebring word met 'n gebrekkige verantwoordelike.

Daar kan nie beweer word dat studente van die NVN-groep ónverantwoordelik is nie. Maar omdat die intieme kommunikasie en verbondenheid aan 'n ander persoon wat die vaste verhouding kenmerk, waarskynlik by die NVN-patroon grotendeels afwesig is, is dit nie vergesog nie om te veronderstel dat nie-vaste sleepers ten minste minder verantwoordelik is of hoef te wees as dié wat vas sleep.

Dit mag natuurlik wees dat studente met 'n onvoldoende ontwikkelde verantwoordelike sal verkies om eerder nie-vas-nie as vas te sleep. Maar die moontlike kan beslis nie uitgesluit word nie dat die nie-vaste patroon, in vergelyking met vas sleep, nie juis stimulerend is vir die ontwikkeling van 'n besondere verantwoordelike nie. Die teendeel mag selfs daar wees.

(c) Hedonistiese instelling; gebrek aan langtermyn-motivering:

Tiebout⁵²⁾, Waller⁶²⁾, Tukey⁵⁵⁾, Duff en Siegel¹⁰⁾

en talle ander ondersoekers beklemtoon dat studente wat ingestel is primêr op die genot van die oomblik (dit word byvoorbeeld gemanifesteer in die oormatige deelname aan buitemuurse aktiwiteite), akademies onbevredigend presteer. Hulle motivering is dikwels afhanklik van die beskikbaarheid van onmiddellike behoeftebevrediging.

Terwyl dit as normaal beskou kan word dat studente van tyd tot tyd die sorge van die akademie vergeet en die plesier wat die oomblik bied, geniet, kan daar aangeneem word dat 'n oriëntering of lewensfilosofie wat hierop gefundeer is, as ongebalanseerd en onvolwasse beskou kan word: „'I know what's wrong with me; I want to have a good time and don't want to be bothered with studying. Happiness is the most important thing for me ...'" (stelling van 'n onderpresterende damestudent aangehaal deur Tiebout⁵⁴⁾, p.118).

Nou is dit so dat baie van hierdie plesierbejag dikwels sentreer om, of selfs dikwels afhang van, kontak met persone van die teenoorgestelde geslag. Waller⁶²⁾ praat -- in 1939 -- van „... the emergence of thrill-seeking and exploitive relationships" (p.728) -- iets wat vandag vry algemeen voorkom. -- En die nie-vaste verhouding is die enigste van die drie sleeppatrone waarin 'n verhouding van hierdie aard pas.

As studente met 'n sodanige instelling en lewenswyse studie as vervelig en 'n oorlas beskou, selfs 'n renons daarin het, sal dit geen verrassing wees nie. En indien hulle dan ook nie in akademiese reuse ontpop nie, sal ook dit rym!

(d) Gebrek aan realisme: Die siening van geluk wat blyk uit die stelling van die damestudent hierbo, is beslis onrealisties: dit is geldig slegs vir daárdie oomblik -- „having a good time" kan immers nie op die lang duur die verkryging van geluk verseker nie.

Marsh³²⁾ en Tiebout⁵⁴⁾ noem dan ook dat die onderpresteerder, moontlik as gevolg van vorige mislukkings, geneig is om die werklikheid te wil verwerp. Dit lei onder andere tot die naartoe soeke na onmiddellike bevrediging (die toekomst word nie maklik as 'n werklikheid beleef nie -- vergelyk (c) hierbo); en tot 'n onbekommerde houding teenoor sy studies, wat geen goeie uitwerking op so 'n student se akademiese prestasiepeil kan hê nie. Gevolglik moet hy later wêre die gedagte aan sy mislukking verdoesel of verdoof met koorsagtige oorgawe aan nie-akademiese plesiersoekery, of moet hy dit ontken deur te rasionaliseer en Prediker 1:18 aan te haal: „Want by baie wysheid is baie verdriet, en wie kennis vermeerder, vermeerder smart ..." -- 'n bese kringloop.

*

Volwassenheid word geassosieer met bevredigende universiteitsprestasie. Dit wil voorkom asof heelwat eienskappe van die volwasse student nie alleen by die onderpresteerder ontbreek nie, maar ook by die student wat nie-vas-nie sleep afwesig is.

Dit mag wees dat onvolwassenheid beide onbevredigende akademiese prestasie en die voorkeur vir nie-vaste verhoudings ten grondslag lê; nogtans is dit duidelik dat die NVN-patroon nie juis bevorderlik is vir die ontwikkeling van die eienskappe wat die volwasse persoon asook die goeie presteerder kenmerk nie. Intendeel: dit kan 'n vrugbare teelaarde wees vir die

verdere ontwikkeling juis van die kenmerke wat met onvolwassenheid en ook met onbevredigende universiteitsprestasie geassosieer word.

2.4.3.2 Ekstraversie

Ekstraversie word geassosieer met onbevredigende universiteitsprestasie (Hoofstuk 1: 3.4.2.3). Daar kan beslis ook veronderstel word dat ekstraverte studente, dit wil sê na buiterigte studente, sal verkies om eerder nie-vas-nie as vas te sleep (-- dat hulle sal verkies om te sleep, spreek byna vanself).

Die NVN-sleeppatroon leen hom by uitstek tot omvangryke sosiale kontak -- dit waartoe die ekstravert geneig is. Wanneer Owens en Johnson⁴²⁾ dan ook vind dat die ekstraverte onderpresteerder tipies sosiaal goed aangepaste response gee, interpreteer hulle dit tereg nie as 'n teken van goeie aanpassing nie; dit word eerder gesien as 'n oormatige sosiaal-georiënteerdheid, wat waarskynlik gepaard gaan met buitensporig baie sosiale aktiwiteite (p.42).

Ook Tukey⁵⁵⁾ se studie steun die veronderstelling dat daar 'n verband is tussen ekstraversie, sosiaal-georiënteerdheid en onbevredigende akademiese vordering. Haar intellektueel-georiënteerde groep rapporteer, onder andere, meer as die sosiaal-georiënteerde, 'n behoefte aan privaatheid, wat pas by die VAS- maar nie by die NVN-sleeppatroon nie.

Weer kan daar veronderstel word dat dit waarskynlik in baie -- selfs die meeste -- gevalle so is dat die ekstraverte student se persoonlikheid die basis vorm van beide sy voorkeur vir nie-vaste verhoudings en sy swakke akademiese prestasie. Die feit bly egter dat die NVN-sleeppatroon ongetwyfeld 'n klimaat verskaf waarin die student se ekstraverte neigings kan floreer. So gesien, is dit moontlik dat 'n ekstraverte

oriëntasie wat slegs in 'n mate, of in kiemvorm, by 'n student bestaan, gevestig en vasgelê kan word wanneer hy 'n tyd lank nie-vas-nie sleep.

2.4.3.3 Die NVN-patroon en sosiale druk

Daar is reeds genoem dat studente oor die algemeen baie bewus is van sosiale verwagtings en druk wat portuur- en gesags-groepe uitoefen. Ten einde sosiaal in te skakel, moet aan die verwagtings en druk van veral die portuurgroepe voldoen word. In ons samelewing word daar onder meer van 'n gesonde, normale student verwag om, ten minste van tyd tot tyd, te sleep. Nie alleen sy portuurgroepe verwag dit van hom nie, maar ook sy ouers, familie en ander groepe waarmee hy kontak het. Waller⁶²⁾ stel dit so: „..... persons feel very strongly the cultural imperative to fall in love” (p.729).

Indien daar aan hierdie verwagtings of omgewingsdruk voldoen kan word, is die beloning natuurlik meer as net sosiale aanvaarding: Dit verskaf sekuriteit en status; dit vergemaklik die vorming van 'n positiewe selfkonsep; dit werk selfaanvaarding in die hand (Grinder²¹⁾; Tukey⁵⁵⁾; Waller⁶²⁾; Lowrie²⁹⁾; en baie ander navorsers).

-- Ten einde hierdie aanvaarding deur die groep, hierdie sosiale inskakeling en alles wat daarmee gepaard gaan te bewerkstellig, kan dit beslis gebeur dat studente sal toetree tot die geledere van die sleepers -- sonder dat daar werklik sprake is van 'n behoefte daartoe, en onder omstandighede waar daar weinig spontane aanklank tussen die twee partye is.

(Alle studente sal natuurlik nie toegee aan hierdie sosiale druk nie. Dit sal waarskynlik eerder by die sosiaal- as die intellektueel-georiënteerde bemerk word. Tukey⁵⁵⁾ bevind dan ook dat haar groep sosiaal-georiënteerde studente 'n besondere behoefte het aan konformiteit. Willose konformerings

aan groepverwagtings dui egter op 'n gebrek aan selfstandigheid en selvertroue en dus nie op 'n geïntegreerde en kerngesonde persoonlikheid nie.)

-- Die vraag is nou: Sal die aanknoop van so 'n verhouding, en die beoogde belonings daarvan, kan kompenseer vir die spanning, onsekerheid, gebrek aan stabiliteit en moontlike frustrasie wat heel waarskynlik daarmee gepaard gaan? Dit is te betwyfel. Ehrmann¹²⁾ skryf dat die aantrekkingskrag van die „new and the different” (p.143) wat 'n nie-vaste verhouding kenmerk, selde verkies word bo die opregtheid en die meer intens persoonlike en permanente verhouding in vas sleep. Wanneer 'n student dus primêr as toegewing aan sosiale druk begin vas sleep, sal dit hoogs waarskynlik gebeur dat sy algemene funksionering, en dus ook sy akademiese prestasie, sal begin ly onder die gevolge van dié ongesonde situasie.

Die slotsom waartoe op grond van hierdie betoog gekom kan word, is

(i) dat studente wat sleep om aan sosiale druk en verwagtings te voldoen, waarskynlik in die NVN-kategorie sal val;

(ii) dat sodanige studente waarskynlik dié sal wees wat ly onder 'n gebrek aan selfvertroue of selfstandigheid weens 'n ongenoegsaam geïntegreerde persoonlikheid; en

(iii) dat die verhouding wat só aangeknoop word, waarskynlik nie genoeg positiewe elemente sal bevat om te kompenseer vir die ongewenste gevolge daarvan nie.

Gevolglik kan daar aangeneem word dat die NVN-groep se onbevredigende universiteitsprestasie ten minste deels gewyt kan word aan die teenwoordigheid en uitwerking van die eenskappe en omstandighede wat hierbo beskryf is.

2.4.3.4

Opmerking oor die moontlike positiewe
gevolge van die NVN-sleeppatroon

Dit is veral Lowrie²⁹⁾ wat by herhaling die belang en

noodsaaklikheid van sleep as deel van die jongmens se lewe beklemtoon. Hy wys veral op die persoonlikheids groei wat daardeur in die hand gewerk word (vergelyk Hoofstuk 1: 2.4.2.1). Daar is ook reeds redelik uitvoerig uitgewei oor ander positiewe gevolge van sleep (Hoofstuk 1: 1.3.5 en veral 4.4).

Die resultate van die huidige ondersoek bevestig egter nie die veronderstelling dat sleep as sodanig 'n oorwegend positiewe uitwerking op die student het nie -- ten minste nie wat sy akademiese prestasiepeil betref nie. Onder 2.4.2.7 hierbo is daar reeds genoem dat die meeste skrywers (ook Lowrie²⁹) nie onderskei tussen vaste en nie-vaste sleepers nie. Gevolgtrek is dit selde duidelik op watter soort verhouding hulle navorsing betrekking het.

Die bevindings van die huidige studie bewys onomwonde dat studente wat sleep, beslis in twee groepe ingedeel kan en moet word -- twee groepe wat duidelik van mekaar verskil ten opsigte van die peil van hulle akademiese prestasie, maar hoogs waarskynlik ook ten opsigte van vele ander eienskappe en omstandighede.

Een moontlikheid moet nie uit die oog verloor word nie: Dit mag naamlik wees dat baie van die voordele wat 'n navorser soos Lowrie in sleep sien, betrekking mag hê op die individu se latere ontwikkeling, aanpassing en geluk eerder as op die kontemporêre situasie. In dié sin mag dit wees dat die NVN-patroon wel voordele bô vas sleep het, maar dat hierdie voordele dan van 'n meer verwyderde, minder onmiddellike aard is.

2.4.3.5 Oorsig: Die NVN-groep

Die felt dat die NVN-groep oor die algemeen akademies teleurstel, gaan hand aan hand met talle faktore : eienskappe van nie-vaste sleepers en omstandighede wat geassosieer word met hierdie sleep patroon. Daar is rede om aan te neem dat

hierdie 'n minder volwasse groep is, wat in 'n mindere of meerdere mate gekenmerk word deur 'n gebrek aan innerlike stabiliteit, 'n onderontwikkelde verantwoordelikeheidsin, 'n hedonistiese, selfs onrealistiese lewensbenadering en 'n gebrek aan langtermynbeplanning en -motivering. Hulle is waarskynlik geneig tot ekstraversie. Dit mag ook wees dat hulle verhoudingslewe in sommige gevalle die produk is van 'n gebrek aan selfvertroue of selfstandigheid en die gevolglike (ongesonde) toegewings aan sosiale druk en groepverwagtings.

In baie gevalle is hierdie eienskappe en kenmerke waarskynlik onderliggend aan beide swak akademiese prestasie en die voorkeur vir verhoudings van 'n nie-vaste aard. In ander gevalle, egter, is dit na alle waarskynlikheid juis die aard van hierdie groep se verhoudingslewe wat die genoemde eienskappe in die hand werk en stimuleer.

Ten spyte van die klaarblyklike negatiewe gevolge wat nie-vas-nie sleep het op ten minste studente se akademiese prestasiepeil, bestaan die moontlikheid dat hierdie sleeppatroon op die lang duur 'n positiewe nasleep mag hê.

2.4.4 Die GN-groep

'n Vergelyking van die akademiese prestasiepeil van hierdie groep met dié van ander groepe lewer geen duidelike en algemene tendens nie. Die GN-groep vaar meesal gemiddeld tot effens onder gemiddeld; in die meeste gevalle is die peil van hulle akademiese prestasie ook min of meer in ooreenstemming met wat van hulle verwag is op grond van hulle akademiese potensiaal (matriekuitslae). Daar was gevalle waar studente wat glad nie sleep nie, akademies verras het en gevalle waar hulle teleurgestel het. Die hieropvolgende bespreking is bloot gebaseer op die algemene bevinding, naamlik dat die GN-groep in die

meeste gevalle gemiddeld presteer -- nóg beter, nóg swakker as wat verwag is.

Die bespreking gaan van die veronderstelling uit dat daar in die GN-groep enersyds elemente is wat geassosieer kan word met onbevredigende akademiese vordering en andersyds elemente wat verband hou met goeie akademiese prestasie. Hierdie polariteit kan in die vorm wees van twee min of meer verskillende groepe binne die GN-groep, of dit mag wees dat dié faktore binne die meeste nie-slepers teenwoordig is, en gevolglik 'n student se akademiese prestasiepeil enersyds bevoordeel en andersyds 'n stremmende uitwerking daarop het.

2.4.4.1 Die GN-patroon en swak akademiese prestasie

Op grond van literatuurgegewens is daar reeds in Hoofstuk 1: 3.5.4 en 4.4 aangetoon dat daar aanduidings is dat studente wat glad nie sleep nie, akademies nie besonder goed sal vaar nie. Hipotese nommer 3 is op hierdie veronderstelling gegrond.

Sommige eienskappe en omstandighede wat met beide onbevredigende akademiese prestasie en die GN-sleeppatroon geassosieer word, is die volgende:

(a) Sosiale isolasie: Daar is reeds genoem dat nie-slepers moontlik gesien kan word as 'n groep sosiaal-veensaamdes, 'n groep met „inadequate social skills" (Gibbs¹⁶), 'n groep wat ly onder die gevolge van 'n „breakdown of ties with other reference groups" (Slocum⁴⁹). Hulle is moontlik as groep minder gelukkig as ander studente. Ehrmann¹² noem naamlik dat „... the relationship between unhappiness and low (dating) frequency is particularly marked" (p.119). Dit is logies dat hierdie studente se persoonlikheidsgroei en die ontwikkeling van al hulle kapasiteite gestrem sal word deur faktore soos hierdie. Ook in hulle akademiese prestasiepeil sal dit weerspieël

word. (Vergelyk Goetz en Leach¹⁷⁾; Slocum⁴⁹⁾; Gibbs¹⁶⁾; Samenow⁴⁴⁾; Lowrie²⁹⁾; Van der Merwe⁵⁷⁾; Smith⁵¹⁾.)

(b) Basiese ondoeltreffendheid: Die moontlikheid bestaan dat sommige nie-slepers inherent minderwaardig is, en dat hierdie basiese ondoeltreffendheid op beide akademiese en sosiale gebied -- byvoorbeeld in die onvermoë om 'n verhouding met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag aan te knoop -- tot uiting kom.

Die veronderstelling dat ten minste sommige nie-slepers basies minderwaardig is, word in 'n mate gesteun deur die gegewens in die Eerste Reeks (A) -- By die Potchefstroomse groep is dit opvallend dat die nie-slepers van albei geslagte die laagste matriekpunte het. Dit kan -- nie noodwendig nie -- gesien word as 'n aanduiding van 'n laer akademiese potensiaal.

*

Maar omdat die GN-groep nie so swak presteer as wat op grond van bogenoemde verwag kan word nie, moet daar ook gesoek word na moontlike positiewe elemente in die GN-patroon, wat, ten minste in sommige gevalle, die negatiewe faktore se uitwerking (akademies gesien) kan teenwerk of uitskakel.

2.4.4.2 Die GN-patroon en goeie akademiese prestasie

(a) Meer tyd beskikbaar: Duff en Siegel¹⁰⁾ bevind dat die hoeveelheid deelname aan sosiale, fisiese en heteroseksuele aktiwiteite negatief korreleer met hulle studente se akademiese prestasiepeil. Op grond hiervan kan daar afgelei word dat studente wat aan min dergelike bedrywighede deelneem, akademies redelik sterk behoort te wees -- hulle sal heel moontlik meer tyd hê vir hulle studies.

(b) Intellektuele oriëntasie: Die feit dat die nie-sleper aan min buitemuurse bedrywigheide (waaronder sleep!) deelneem, kan spruit uit 'n instelling waarin daar min of geen plek gelaat word vir sake wat nie akademies van aard is nie. Sleep kan beskou word as 'n inmenging met dit waarvoor hy universiteit toe gekom het, naamlik om te studeer: „... the IO (=Intellectually-orientated) girl desired career plus marriage and often expressed a willingness to defer marriage until a later date" (Tukey⁵⁵), p.126). Ons kan seker ook sê: „even to defer dating ...". In hoe 'n mate hierdie intellektuele instelling 'n kompensاسie is vir 'n student se onvermoë (om watter rede ook al) om 'n verhouding met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag aan te knoop, kan nie met sekerheid gesê word nie. Daar kan egter aangeneem word dat dit, minstens by sommige studente, 'n belangrike, hoewel dikwels onbewuste, faktor is in die ontwikkeling van so 'n instelling.

(c) Introversie: Van al die studies wat geraadpleeg is, is dit net in dié van Nel⁴¹ waar daar 'n verband tussen introversie en goeie akademiese prestasie gevind is. Heelparty ander ondersoekers vind egter dat ekstraversie 'n duidelike verband hou met onbevredigende akademiese prestasie (Möller³⁶; Owens en Johnson⁴²; Gibbs¹⁶). Nou is dit so dat die ekstraverte student hoogs waarskynlik nie 'n nie-sleper sal wees nie -- uit die aard van sy persoonlikheid en instelling sal hy verkies om te sleep (en dan moontlik ook nie-vas-nie). Hoe dit ook al sy: in die GN-groep behoort daar min studente te wees wat as ekstraverte geklassifiseer kan word. En ekstraversie word geassosieer met onbevredigende universiteitsprestاسie. Daarom, deur hierdie proses van „negatiewe seleksie", kan dit heel moontlik wees dat die GN-groep se akademiese prestاسiepeil in 'n mate bevorder word deur die afwesigheid van ekstraverte elemente (en, in die lig van Nel⁴¹), se studie, deur die waarskynlike aanwesigheid van introverte neigings).

2.4.4.3 Oorsig: Die GN-groep

Strydig met die verwagting wat deur die literatuurstudie geskep is, vaar die GN-groep akademies nie besonder swak nie. Dit is blykbaar so dat die negatiewe gevolge van verskynsels soos sosiale isolasie, eensaamheid, ongelukkigheid en ondoeltreffendheid wat met die GN-patroon geassosieer kan word, in 'n mate teengewerk word deur die teenwoordigheid van positiewe elemente soos die feit dat die nie-slepers uit die aard van die saak meer tyd tot hulle beskikking het om aan hulle boeke te wy, die moontlikheid dat hulle (of sommige van hulle) verkies om nie te sleep nie as gevolg van 'n intellektuele oriëntasie, en die moontlikheid dat ekstraverte studente, wat in die reël akademies teleurstel, hulle waarskynlik nie in die nie-slepers se geledere sal bevind nie. (-- Die nie-slepers is waarskynlik selfs 'n meer introverte groep -- en introversie kan met goeie akademiese prestasie geassosieer word.)

2.4.5 Oorsig: Vergelyking van die drie sleepgroepe

Daar is 'n onteenseglike verband tussen sleep (spesifiek: sleeppatroon) en akademiese prestasiepeil:

-- 'n Vaste verhouding verskaf waarskynlik 'n gesonde klimaat vir doeltreffende ego-funksionering op talle gebiede; dit kan onder meer tot optimale akademiese prestasie lei.

-- 'n Nie-vaste verhouding word geassosieer met onbevredigende akademiese prestasie. Die nadelige uitwerking van sleep, gepaard met die gebrek aan stabiliteit en sekuriteit wat met nie-vas-nie sleep gepaard kan gaan, word blykbaar besonder sterk deur die NVN-groep gevoel.


-- Studente wat glad nie sleep nie, vaar as groep (dit wil sê so ver as wat daar op grond van gemiddeldes geoordeel kan word), nóg besonder goed, nóg besonder swak.

Die verband tussen die groepe se sleeppatrone en hulle akademiese prestasiepeil wat hierbo opgesom is, is gegrond op gemiddeldes of algemene neigings. In die nege tabelle in die Eerste Reeks (A) het bogenoemde neigings egter nie in alle gevalle konsekwent voorgekom nie. Veral ten opsigte van die GN-groep was daar nie 'n baie duidelike patroon nie.


-- Wanneer die getalleverspreidings, volgens akademiese prestasie, van die drie sleepgroepe grafies voorgestel word, wil dit voorkom asof veral die VAS-groep relatief homogeen is, terwyl die verspreidings van die ander twee groepe wyer, en by die GN-groep selfs effens bi-modaal is:

(na volgende bladsy)


Die VAS-groep (Po Pr MV)



Die NVN-groep (Po Pr MV)



Die GN-groep (Po Pr MV)



Die relatiewe homogeniteit van die VAS-groep wat uit die grafieke blyk, staaf die geldigheid van die veronderstelling dat vas sleep op die meeste studente min of meer dieselfde uitwerking het (alternatief: dat min of meer dieselfde soort student geneig is om vas te sleep).

Die NVN-groep is minder homogeen as die VAS-groep. Dit wil voorkom asof daar 'n groepie is wat níe so nadelig getref word deur hulle sleeppatroon nie -- moontlik die intellektueel-georiënteerde wat, hoewel hulle sleep, nougeset toesien dat iets soos 'n vaste verhouding nie met hulle studies inmeng nie.

Binne die GN-groep kan daar blykbaar twee groepe onderskei word: een groep is moontlik grotendeels nie-akademies georiënteer en basies ondoeltreffend, selfs minderwaardig -- hulle sal dan ook akademies swakker vaar, terwyl die tweede (hipotetiese) groep meer intellektueel-georiënteer mag wees (die rede waarom hulle nie sleep nie). Die effense bi-modale verspreiding van die GN-groep se akademiese prestasies onderskryf hierdie veronderstelling.

3 TWEEDE REEKS (B): DIE VERBAND TUSSEN DIE STUDENTE SE AKADEMIESE PRESTASIES EN SEKERE VERANDERLIKES IN HULLE VERHOUDINGSLEWE

3.1 Algemeen

Die veranderlikes wat hier ter sprake is en wat vergelyk gaan word met die groepe se akademiese prestasiepeil, is die volgende:

Korrelasies: (3.2):

- (1) Tyd vas (die tyd wat 'n student reeds vas sleep).
- (2) Uur per week (die tyd, in ure per week, wat aan sleepaktiwiteite bestee word).
- (3) Frekwensie per week (die aantal geleenthede per week wat daar gesleep word).

Vergelyking (3.3)

- (4) Plaaslik/elders (woonplek van die student se sleep).

3.2 Korrelasies

3.2.1 Beskrywing van die tabelle

Die korrelasie tussen die betrokke veranderlike en elke groep se akademiese prestasie word telkens aangegee (rs); die vlak van beduidendheid word soos voorheen aangedui met een of twee asteriske; die aantal (n) in elke groep verskyn tussen hakies.

3.2.2 Akademiese prestasie en tyd vas

3.2.2.1 Die tabel

TABEL B(1)

Korrelasies: Akademiese prestasie -- Tyd vas (rs=)

VAS-groep alleen

	Po	Pr	Po+Pr
M	.41 (13)	-.17 (13)	.20 (26)
V	.36* (25)	-.19 (38)	.05 (63)
M+V	.37* (38)	-.19 (51)	.08 (89)

Gevolgtrekking: Wat die steekproef as geheel betref, is daar geen beduidende verband tussen die tyd of periode wat 'n student reeds vas sleep en die peil van sy akademiese prestasie nie. Die rs-waarde is slegs .08.

Op Potchefstroom is die verband tussen hierdie twee veranderlikes duidelik positief: hoe langer studente daar vas sleep, hoe beter vaar hulle akademies. (Die verskynsel dat die korrelasie by die dames maar nie by die mans nie beduidend is, hoewel die rs-waarde van die mans die grootste is, kan toegeskryf word aan die relatief klein aantal Potchefstroomse mans wat vas sleep. As n hier groter was, sou ook dié korrelasie beduidend gewees het.)

Op Pretoria is die korrelasie tussen hierdie twee veranderlikes deurgaans swak (en onbeduidend) negatief.

Daar is dus duidelike verskille in die korrelasies tussen die tyd wat studente vas sleep en hulle akademiese prestasie by die twee universiteite. Ten opsigte van die twee geslagte is daar egter geen duidelike patroon nie.

3.2.2.2 Bespreking

Die veronderstelling dat studente wat vas sleep, akademies die beste sou vaar (vergelyk Hipotese nommer 1), is verder gevoer deur te hipotetiseer dat hulle, namate hulle langer vas sleep, algaande steeds beter sou vaar (Hipotese nommer 4).

Hoewel dit uit Tabel B(1) blyk dat daar, wat die steekproef as geheel betref, geen beduidende tendens van hierdie aard voorkom nie, is die verband tussen hierdie twee veranderlikes by die Potchefstroomse groep heel duidelik, maar nie by Pretoria nie -- daar is dit swak negatief. Geen bespreking ten opsigte van die steekproef as geheel is dus moontlik nie. Die verskille in die aard van die korrelasies by die twee

universiteite sal by die Derde Reeks (C) ter sprake kom.

3.2.3 Akademiese prestasie en uur per week

3.2.3.1 Die tabel

TABEL B(2.1)

Korrelasies: Akademiese prestasie - Uur per week (rs=)

Die VAS-groepe

	Po	Pr	Po+Pr
M	.20 (13)	-.19 (13)	.06 (26)
V	-.36* (25)	-.02 (38)	-.14 (63)
M+V	-.17 (38)	-.05 (51)	-.07 (89)

Gevolgtrekking: Volgens Tabel B(2.1) is daar 'n redelik algemene neiging dat die tyd (uur per week) wat studente wat vas sleep, aan sleepaktiwiteite bestee, negatief korreleer met hulle akademiese prestasiepeil. Hierdie negatiewe korrelasie is egter glad nie baie sterk nie -- slegs by die Potchefstroomse dames is dit beduidend; by die Potchefstroomse mans is dit selfs positief! (hoewel nie beduidend nie).

Die verband tussen hierdie twee veranderlikes verskil in so 'n mate by die twee geslagte en die twee universiteite dat daar nie sprake kan wees van 'n algemene neiging nie.

TABEL B(2.2) (volgende bladsy)

TABEL B(2.2)

Korrelasies: Akademiese prestasie - Uur per week (rs=)

Die NVN-groepe

	Po	Pr	Po+Pr
M	.60 (5)	-.31 (10)	.15 (15)
V	-.89 (4)	.15 (21)	-.40* (25)
M+V	-.14 (9)	-.11 (31)	-.18 (40)

Gevolgtrekking: Hoewel die korrelasie tussen die twee veranderlikes by slegs een van die groepkombinasies beduidend is (PoPrV), korreleer die tyd wat studente van die NVN-groep aan sleepaktiwiteite bestee in die algemeen negatief met die peil van hulle akademiese prestasie. Daar is egter groot verskille tussen die groepe wat die aard van hierdie korrelasies betref:

Soos by die VAS-groep, is die negatiewe korrelasie by die Potchefstroomse dames besonder hoog -- so hoog dat, hoewel die korrelasie by die Potchefstroomse dames op sigself nie beduidend is nie (omdat dié groep te klein is), daar in kombinasie met die Pretoriase dames, wat 'n groter groep is en waar die korrelasie swak positief is, 'n beduidende negatiewe korrelasie ontstaan.

Die eienaardige verskynsel dat die twee veranderlikes positief (en dan redelik hoog positief) korreleer by die Potchefstroomse mans, kom, soos by die VAS-groep, voor. (Die korrelasie is egter nie beduidend nie vanweë die klein aantal in die groep.)

Die verskille in die aard van die korrelasies van groep tot groep maak weer veralgemenings onmoontlik.

3.2.3.2 Bespreking

By al die studente wat sleep -- dit wil sê beide die VAS- en die NVN-groepe -- is die tendens bemerk dat studente akademies swakker vaar namate hulle meer tyd aan sleepaktiwiteite bestee. Hierdie neiging is egter nie duidelik genoeg om 'n bespreking te regverdig nie. Daar kan egter net genoem word dat die negatiewe uitwerking van 'n toenemende hoeveelheid tyd wat aan sleepaktiwiteite bestee word, moontlik duideliker sou gewees het as dit nie was nie dat hierdie toename waarskynlik in heelwat gevalle spruit uit 'n verinniging in die betrokke verhouding, sodat die voordele wat sleep inhou 'n positiewe uitwerking begin toon. Ehrmann¹²⁾ noem dan ook dat 'n toename in sleepaktiwiteite positief korreleer met geluk by mans.

Die verskille tussen die universiteite en die geslagte (veral op Potchefstroom) sal in die hieropvolgende reekse ter sprake kom.

3.2.4 Akademie se prestasie en frekwensie van sleep

3.2.4.1 Die tabelle

TABEL B(3.1)

Korrelasies: Akademie se prestasie - Frekwensie per week (rs=)

Die VAS-groepe

	Po	Pr	Po+Pr
M	.16 (13)	.24 (13)	.23 (26)
V	-.22 (25)	.03 (38)	-.09 (63)
M+V	.10 (38)	.08 (51)	.003 (89)

Gevolgtrekking: Nog minder as ten opsigte van uur per week is daar in hierdie tabel enige duidelike neiging te bespeur. Dit wil voorkom asof daar, wat die vaste slepers betref, weinig verband is tussen die aantal geleenthede per week wat daar gesleep word en die peil van die studente se akademiese prestasie.

Die hoogste korrelasies is by die Potchefstroomse dames, waar hierdie twee veranderlikes negatief korreleer, en by die Pretoriase mans, waar die korrelasie positief is; by die mansgroep as geheel is die korrelasie dan ook positief. Geen- een van die korrelasies is egter beduidend nie.

TABEL B(3.2)

Korrelasies: Akademiese prestasie - Frekwensie per week (rs=)

Die NVN-groepe

	Po	Pr	Po+Pr
M	.16 (5)	.23 (10)	.33 (15)
V	-.10 (4)	-.09 (21)	-.19 (25)
M+V	.17 (9)	.04 (31)	.04 (40)

Gevolgtrekking: By die NVN-groep is daar 'n neiging dat die aantal geleenthede per week wat daar gesleep word, positief korreleer met die mans se akademiese prestasie, terwyl die teenoorgestelde tendens (dog swakker) by die dames voorkom. Geeneen van hierdie korrelasies is egter beduidend nie. Ten opsigte van die twee universiteite is geen veralgemenings moontlik nie.

3.2.4.2 Bespreking

Die „sleepfrekwensie" korreleer in veel minder gevalle negatief met studente se akademiese prestasie as die tyd wat aan sleepaktiwiteite bestee word. Hoewel die verskil nie baie groot is nie, wil dit tog voorkom asof hierdie verskynsel die veronderstelling bevestig dat sleep as sodanig nie noodwendig (akademies gesproke) negatiewe gevolge sal hê nie; waar sleep geassosieer word met swakker prestasie, kan dit eerder toegeskryf word aan die groot hoeveelheid tyd wat daardeur verlore mag gaan -- tyd wat die student by sy boeke kon deurbring.

Aan die ander kant mag dit wees dat juis die akademiese ongemotiveerde student -- wat buitendien swak sal vaar -- geneig sal wees om oormatig baie tyd aan sleep- (en ander buitemuurse) bedrywigheide te bestee.

Die effense verskille in die korrelasies by mans en dames sal by die bespreking van die twee geslagte ter sprake kom.

3.3 Vergelyking: Plaaslik/elders

3.3.1 Beskrywing van die tabel

Daar is drie subtabelle. Eerste word die gemiddelde akademiese punt van studente van wie die vriend(in) (die „sleep") plaaslik woon, aangegee, en in die volgende subtabel dié van studente wat elders sleep; die aantal (n) van elke groep verskyn telkens tussen hakies. In die derde subtabel word die beduidendheid van die verskille tussen die „plaaslik-" en die „elders-"groepe aangedui -- die betrokke U-waardes word vermeld (asook, waar $n_2 > 20$, die z-telling). Indien die verskille beduidend is, word die vlak van beduidendheid, soos

gewoonlik, deur een of twee asteriske aangetoon.

3.3.2 Die tabel

TABEL B(4)

Vergelyking van die akademiese prestasies van studente wat
plaaslik sleep en dié wat elders sleep

VAS-groepe alleen

		Po	Pr	Po+Pr
Plaaslik $\bar{X}$ (n)	M	51.7 (9)	53.8 (13)	52.9 (22)
	V	50.6 (17)	53.3 (32)	52.3 (49)
	M+V	51.0 (26)	53.4 (45)	52.5 (71)
		Po	Pr	Po+Pr
Elders $\bar{X}$ (n)	M	50.1 (4)	- (0)	50.1 (4)
	V	50.1 (8)	55.1 (6)	52.3 (14)
	M+V	50.1 (12)	55.1 (6)	51.8 (18)
		Po	Pr	Po+Pr
Beduidendheid van die verskille: U (z)	M	14.5 (-)	-	35.5 (0.61)
	V	64.0 (-)	87.0 (0.36)	342.0 (0.02)
	M+V	155.5 (0.02)	126.5 (0.25)	622.5 (0.17)

Gevolgtrekking: Dit is duidelik dat daar by geen universiteit en ten opsigte van geen van die geslagte enige beduidende verskil is tussen die akademiese prestasiepeil van studente

wat plaaslik en dié wat elders sleep nie. Trouens, die gemiddelde akademiese prestasies van hierdie twee groepe is, blykens die tabel, in die meeste gevalle byna identies.

Dit wil dus voorkom asof die woonplek (plaaslik of elders) van 'n student wat vas sleep se vriend(in) geen verband met sy/haar akademiese prestasiepeil het nie.

3.3.3 Bespreking

Daar is veronderstel dat studente wat plaaslik vas sleep (dit wil sê dié wie se vriend(in) in dieselfde dorp of stad woon) akademies beter sou vaar as dié wat elders sleep. Daar is aangeneem dat die belonings en voordele van vas sleep in 'n groot mate afhang van min of meer direkte versterking, sodat studente wat elders sleep nie die volle positiewe uitwerking van so 'n verhouding sou voel nie. Hipotese nommer 7 is op hierdie aanname gegrond.

Tabel B(4) bewys egter baie duidelik dat hierdie veronderstelling onjuis is. Daar is in werklikheid byna geen verskil in die akademiese prestasies van die twee groepe nie, en in geen geval is die verskil eers naby beduidend nie.

Daar is verskeie moontlike verklarings vir hierdie verskynsel, waarvan almal waarskynlik in 'n mindere of 'n meerdere mate bydra tot die byna identiese prestasies van dié twee groepe. Hier word twee genoem:

(a) Die positiewe uitwerking van vas sleep hang klaarblyklik nie soseer af van onmiddellike, direkte en gereelde bevrediging en beloning nie. Die belangrikste element in die vaste verhouding is dus waarskynlik die feit dat die student wat vas sleep, bewus is dat hy vir iemand iets beteken, dat hy die liefde van 'n ander persoon in pag het, en ander „innerlike” faktore, wat verband hou met die belewing van die verhouding

eerder as met tasbare en gereelde versterking, beloning of bevrediging, wat beïnvloed sou word deur die woonplek van die sleep.

(b) Studente wat plaaslik sleep, bestee beduidend meer tyd aan sleepaktiwiteite as dié wat elders sleep, soos uit die volgende tabelletjie blyk:

Uur per week aan sleep bestee ($\bar{X}$)

pl	el	*?
19.4	10.0	**

In die lig van die feit dat die aantal uur per week wat aan sleepaktiwiteite bestee word (behalwe by die Potchefstroomse mans), effens negatief korreleer met studente wat vas sleep se akademiese prestasiepeil (kyk 3.2.2.2 en Tabel B(2.1) hierbo), bestaan die moontlikheid dat die veronderstelde voordele van plaaslik sleep in 'n mate „uitgekanselleer" word deur die nadelige uitwerking van die meer tyd wat studente wat plaaslik sleep aan hierdie aktiwiteite bestee.

3.4 Oorsig: Akademiese prestasie en die betrokke veranderlikes in studente se verhoudingslewe.

Die resultate van hierdie reeks (B) is veel minder beduidend as dié in die vorige reeks (A):

-- Die tyd of periode wat studente reeds vas sleep, korreleer beduidend positief met die Potchefstroomse groep se akademiese prestasiepeil, maar (swak) negatief met dié van die Pretorianers (3.2.2).

-- Die tyd (uur per week) wat aan sleepaktiwiteite bestee word, korreleer redelik sterk negatief met die akademiese prestasie van die dames (VAS- en NVN-groepe) op Potchefstroom, en in 'n mate ook by die Pretoriase mans, maar positief by die Potchefstroomse mans (3.2.2).

-- Die korrelasie tussen „sleepfrekwensie" (aantal geleent-
hede per week) en studente se akademiese prestasiepeil is swak;
geen duidelike patroon is waarneembaar nie (3.2.3).

-- Studente wat „plaaslik" sleep en dié wat „elders"
sleep, vaar akademies min of meer identies (3.3).

Die slotsom waartoe gekom kan word, is dat studente se
sleeppatroon (vergelyk die Eerste Reeks (A)) 'n veel belangriker
aspek van hulle verhoudingslewe is as veranderlikes van die
aard wat in hierdie reeks (B) ondersoek is.

Daar is egter interessante neigings opgemerk; dit sal in
die volgende twee reekse ter sprake kom.

4. DERDE REEKS (C): VERGELYKING VAN DIE AKADEMIESE PRESTASIES VAN STUDENTE VAN DIE TWEE UNIVERSITEITE

4.1 Algemeen

„Colleges differ in their characteristics.... Some are autho-
ritarian, others permissive; some overly paternalistic, others
excessively impersonal; some sectarian, others secular; and so
on The value systems of college communities vary..."
(Dalrymple⁷⁾, p.12). Daar kan verwag word dat verskille soos
hierdie ook by Suid-Afrikaanse universiteite sal voorkom.

Omdat universiteite verskil, gebeur dit ook dat verskillende
soorte studente verkies om verskillende universiteite by te woon.

By 'n vergelyking van die onderskeie universiteite, is twee sake
dus van belang: die feit dat die aard van elke afsonderlike univer-
siteit verskil, sodat elke universiteit oor die loop van 'n student
se universiteitsjare 'n bepaalde stempel op hom sal afdruk of hom
op 'n sekere manier kan beïnvloed; en die feit dat studente, of dan
dié wat kan kies, se keuse van 'n bepaalde universiteit bepaal word
deur die aard daarvan, sodat ten minste 'n deel van die

studentebevolking van verskillende universiteite reeds voor universiteitsbywoning sal verskil. Dit is interessant om te merk dat van die belangrikste oorwegings by die keuse van 'n bepaalde universiteit die aard van die gemeenskap (die aard van die verhoudings tussen studente onderling en van student-dosentverhoudings) en godsdien⁵⁷⁾ is (Van der Merwe, p.4).

Sleep is 'n verhouding wat ontstaan en 'n handeling wat plaasvind teen die sosiale, kulturele en godsdienstige agtergrond van die betrokke universiteit. Daarom kan daar verwag word dat studente by verskillende universiteite nie identies sal reageer op hulle verhoudingslewe of op bepaalde aspekte daarvan nie.

*

Hoewel die twee universiteite waaruit die steekproef wat in die huidige studie gebruik is, getrek is, albei Afrikaanse inrigtings is, is daar wesenlike verskille in die ligging, grootte en aard van dié universiteite:

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is wesenlik nog 'n „klein" universiteit. Die Universiteit van Pretoria is die grootste residensiële universiteit in die land. Potchefstroom lê op die platteland; die dorp het 'n relatief klein en homogene bevolking. Pretoria is 'n stad; die bevolking is groot en heterogeen, selfs in 'n mate reeds kosmopolities. Dat die aard -- die sosiale klimaat, die waardes, die instelling -- van die twee universiteite dan ook sal verskil, is byna vanselfsprekend.

Die atmosfeer op Potchefstroom is merkbaar kons ewatief en Calvinisties, soos onder andere blyk uit dié universiteit se gewetenskousule. Weens die kleiner studentegemeenskap op hierdie universiteit, is daar heelwat kommunikasie tussen studente en studentegroepe, tussen studente en die universiteitsowerhede en tussen studente en die gemeenskap moontlik.

Norme, verwagtings en sanksies van portuurgroepe en owerhede speel 'n daadwerkliker rol in die kampuslewe. Boyer en Michael³⁾ noem dan ook, na aanleiding van hulle studie van klein, gods-dienstig-georiënteerde universiteite, dat sodanige inrigtings en die gemeenskap as geheel gekenmerk word deur „... the presence of a high degree of community feeling and a strong sense of propriety" (p.66), wat geassosieer word met „... at least a moderate concern for supervisory, bureaucratic ... characteristics" (p.65). Smith⁵¹⁾ stel dit sterker: „Deviations from expected group norms may be cruelly punished by the reactions of a person's age mates" (p.54) -- waarskynlik by bogenoemde soort gemeenskap ook deur die gemeenskap as sodanig.

Op Pretoria is daar veel minder sprake van die soort kommunikasie wat op Potchefstroom moontlik is. Die groot aantal studente binne 'n groot stad maak dit onmoontlik, en die minder konserwatiewe instelling aldaar veroorsaak dat dit nie soveel gewig dra nie. Die anonimiteit wat in die massa moontlik is, verskerp hierdie instelling. Groepsnorme en sanksies van owerheidsweë raak die individu nie so maklik en nie so direk nie. Daar is minder van 'n groepsgevoel as op Potchefstroom, waar „... the high degree of community feeling (is) ... reinforced by the small size of the student body" (Boyer en Michael³⁾, p.65).

Daarby moet dit in gedagte gehou word dat die aard en instelling van ten minste 'n groot deel van die studente van die twee universiteite waarskynlik grotendeels verskil ook omdat dié wat kan kies, 'n universiteit sal kies waar die waardes, instellings en sosiale en godsdienstige atmosfeer pas by die eie waardesisteem, instelling en persoonlikheid (vergelyk Van der Merwe⁵⁷⁾, p.3-4).

Wanneer 'n student, om watter rede ook al, 'n universiteit bywoon waar die waardestruktuur, die atmosfeer op die kampus en dies meer, nie strook met sy eie instelling, norme en persoonlikheid nie, kan daar natuurlik 'n soort „universitêre wanaanpassing" ontstaan. Hierdie verskynsel is reeds in Hoofstuk 1: 3.5.2 behandel. In hierdie afdeling is dié soort nie-inskakeling nie van primêre belang nie. Die soeklig gaan eerder val op die wyse waarop verskillende universiteite die betrokke studentegemeenskap raak of beïnvloed, ook wat betref hulle houdings teenoor sleep, hulle belewing van hulle verhoudingslewe en hulle reaksies daarop. (Daar moet natuurlik in gedagte gehou word, soos reeds genoem, dat verskille tussen universiteite aanleiding daartoe gee dat die studente van onderskeie inrigtings reeds vóór universiteitsbywoning kan verskil; alle verskille kan dus nie summier toegeskryf word aan die invloed van die universiteit gedurende die studentejare nie.)

*

In hierdie reeks gaan dit primêr om 'n vergelyking van die akademiese prestasies van studente van die onderskeie sleep-groepe by die twee universiteite. In die tabel word slegs hierdie gegewens aangegee en statisties vergelyk.

Daar sal ook, deur terug te verwys na vorige tabelle, gelet word op verskille in die resultate ten opsigte van ander veranderlikes naas die sleepgroep. ('n Volledige statistiese analise van al dié gegewens sou te veel bykomende ruimte in beslag neem.)

4.2 Die sleepgroepe

4.2.1 Beskrywing van die tabel

Die gemiddelde akademiese prestasies wat elke sleepgroep (VAS/NVN/GN) by die twee universiteite behaal het, word vermeld; direk daarna word aangedui of die tellings beduidend verskil.

Indien die verskil beduidend is, word die beduidendheidsvlak soos voorheen aangetoon, en word die hoogste gemiddelde telling onderstreep. Daarna, as kontrole, word die matriekpunte van die betrokke sleepgroepe vergelyk net soos by die akademiese prestasies.

Soos by die Eerste Reeks (A) is die matriekpunt natuurlik slegs 'n geldige kontrole indien dit wel beduidend korreleer met die akademiese prestasie van die hele betrokke groep. Daarom word die rs-waarde van hierdie korrelasie in 'n volgende kolom vermeld, en word die vlak van beduidendheid (indien enige) soos voorheen aangedui.

4.2.2 Die Tabele

TABEL C

Akademiese prestasies: Po vs. Pr (M+V)

	AP			MP			AP-MP
	Po	Pr	*?	Po	Pr	*?	rs=
VAS	51.2 (38)	53.6 (51)	nee	50.6 (3.5)	50.3 (48)	nee	.39 **
NVN	58.8 (9)	42.2 (31)	**	60.6 (9)	47.1 (30)	**	.33
GN	44.9 (24)	51.5 (13)	nee	42.9 (21)	59.0 (12)	/	.14

Gevolgtrekking: Dit is net by die NVN-groep waar die akademiese prestasies wat studente van die twee universiteite behaal het, beduidend verskil. Die Potchefstromers vaar naamlik beduidend beter. Die matriekpunte van hierdie groepe verskil egter ook beduidend -- en in dieselfde rigting as hulle akademiese prestasie, terwyl die korrelasie tussen die hele

groep se matriekpunt en hulle akademiese prestasie hoogs be-
duidend is. Hoewel die NVN-groep op Potchefstroom dus bedui-
dend beter presteer as die ooreenstemmende groep op Pretoria,
kan daar nie gesê word dat die twee groepe by die onderskeie
universiteite verskillend reageer op hierdie sleeppatroon nie,
aangesien elke groep bloot presteer na hulle akademiese vermoë,
soos gemeet aan die matriekpunt.

Waaroor daar wel gespekuleer kan word, is die verskynsel
dat die NVN-groep van Potchefstroom blykbaar van meet af aan
akademies veel sterker was as die Pretoriase nie-vaste slepers.
Dit wil dus lyk asof andersoortige groepe by die twee univer-
siteite hierdie sleeppatroon kies.

4.2.3 Bespreking

Uit die Eerste Reeks (A) het dit voorgekom asof die groepe
by die twee universiteite nie identies reageer op die aard van
hulle verhoudingslewe nie. Tabel C toon egter dat die meeste
van hierdie verskille nie juis groot is nie: ten opsigte van
die VAS- en die GN-groepe reageer studente van die twee
universiteite min of meer eenders op die aard van hulle sleep-
patroon, of, alternatief, kies (akademies) soortgelyke studente
dieselfde soort verhoudingslewe, hetsy vas sleep of glad nie
sleep nie.

By die NVN-groep kom daar egter wel verskille tussen die
universiteite voor. Hoewel die nie-vaste slepers by albei
universiteite swakker vaar as wat op grond van hulle akademiese
potensiaal (soos gemeet aan matriekuitslae) verwag is --
vergelyk Tabelle A(2) en A(3) --, verskil die NVN-groep by
die twee universiteite in twee opsigte:

(i) Die Pretoriase nie-vaste slepers maak ongeveer
33 persent of een derde van dié universiteit se steekproef-
uit, terwyl slegs ongeveer $12\frac{1}{2}$ persent of een agste van die

Potchefstroomse groep nie-vas-nie sleep. (Wanneer die getal-leverspreiding ten opsigte van die ander sleepgroepe nagegaan word, blyk dit dat ongeveer 54 persent van albei universiteite se derdejaar-B.A.-studente vas sleep, terwyl die nie-slepers op Potchefstroom ongeveer 33 persent en dié op Pretoria 13 persent van die steekproef uitmaak.

(ii) Die Potchefstroomse NVN-groep vaar akademies beter as enige ander sleepgroep aldaar, terwyl die Pretoriase nie-vaste slepers die swakste groep is.

Gesien teen die agtergrond van die onderskeie universiteite, kan hierdie gegewens soos volg geïnterpreteer word: (Hierdie is slegs 'n tentatiewe bespreking; dit word bloot as moontlikheid genoem, en sal nog verder ondersoek moet word.)

Op Potchefstroom, met sy konserwatiewe en Calvinistiese atmosfeer, sal studente (of ten minste 'n seker persentasie van die studente) ietwat huiwer om nie-vas-nie te sleep -- sosiale en godsdienstige sanksies is op Potchefstroom, met sy kleiner studentegemeenskap, veel meer gebiedend as wat op Pretoria die geval is. „Los-en-vas" sleep dra waarskynlik nie veel goedkeuring weg nie. Dit mag natuurlik ook wees dat studente, ook as gevolg van hulle opvoeding, die waardestel-sel van hulle omgewing in so 'n mate geïnternaliseer het, dat hulle uit eie oortuiging, en nie soseer uit vrees vir sosiale afkeur nie, verkies om hierdie soort verhoudings te vermy. Daarbenewens is daar, in vergelyking met Pretoria, minder geleenthede vir ontspanning en sosiale verkeer op Potchefstroom. -- Boyer en Michael³⁾ praat, met verwysing na klein, gods-dienstig-georiënteerde universiteite, van die kenmerkende „restricted cultural and recreational opportunities" (p.66). Onder sodanige omstandighede kan nie-ernstige sleep, met die

oog bloot op 'n aand se ontspanning en vermaaklikheid, nie so maklik gereël word nie.

In dié lig is die relatief klein groeple nie-vaste slepers op Potchefstroom geen raaisel nie. Studente wat die soort afleiding en sosiale verkeer waarvan hierbo sprake was, sou verkies, maar dit om die genoemde redes moeilik, onmoontlik, of dan onwenslik, vind, sal waarskynlik eerder glad nie sleep nie, aangesien 'n vaste verhouding nie so maklik aangeknoop word met die oog op en inpas by dié soort ontspanning nie. Dit verklaar dan die proporsioneel groter groep nie-slepers op Potchefstroom.

Op Pretoria is daar veel meer geleenthede vir die soort ontspanning en sosiale verkeer wat geassosieer word met die NVN-patroon. Daarom die relatief groot groep studente wat daar nie-vas-nie sleep, terwyl die nie-slepers slegs 'n klein persentasie van die steekproef uitmaak.

Maar juis vanweë die vryelike beskikbaarheid van hierdie soort ontspanning in Pretoria, en die aantrekkingskrag daarvan, gepaard met die minder konserwatiewe atmosfeer, waar dit gereedelik toegelaat, moontlik selfs aangemoedig word, en die feit dat die groot stad en die groot studentemassa dit makliker maak om sosiale sanksies te pypkan, gebeur dit waarskynlik dat talle nie-vaste slepers mettertied meer en meer van hulle studies vervreem raak. (Grinder²¹, noem dan ook dat sleep en studies meeding om die jeug se aandag, en dat baie jongmense blykbaar die een ter wille van die ander laat linkslê.)

Die klein NVN-groeple op Potchefstroom, met hulle besonder hoë akademiese potensiaal en hulle goeie akademiese prestasies, bly ietwat van 'n raaisel. Verdere ondersoek is hier nodig. Daar sal waarskynlik gevind word dat hulle 'n sterk en gevestigde intellektuele oriëntasie het (dink maar aan hulle

hoë matriekpunte). Hierdie oorwegend intellektuele, moontlik minder sosiale, instelling stel hulle waarskynlik in staat om sosiale sanksies in verband met nie-vaste verhoudings te ignoreer, sodat hulle wel dié deel van hulle studentelewe kan geniet -- maar beslis sonder om hulle vas te verbind alvorens hulle studies voltooi is. Die negatiewe uitwerking van nie-vas-nie sleep word egter gemanifesteer in hulle akademiese prestasiepeil, wat, hoewel dit nog besonder hoog is, nie so hoog is as waartoe hulle wel in staat is nie.

*

Hoewel die NVN-groepe (en in 'n seker sin dan ook die GN-groepe) van die twee universiteite dus verskil, bly die merkwaardige verskynsel nog dat al drie sleepgroepe, ongeag die universiteit, min of meer dieselfde reageer op hulle sleeppatroon: die VAS-groep vaar naamlik telkens beter as wat verwag is, die NVN-groep swakker, en die GN-groep min of meer in ooreenstemming met hulle potensiaal (vergelyk Tabelle A(1), A(2) en A(3)).

4.3 Ander veranderlikes

4.3.1 Tyd vas

Uit Tabel C (vergelyk ook Tabel 1, heel aan die begin van hierdie hoofstuk) blyk dit dat dieselfde persentasie studente van elk van die twee universiteite vas sleep, en uit die tabelle in die Eerste Reeks (A) is dit duidelik dat hulle by albei universiteite beter vaar as wat verwag is. Tog is daar verskille tussen die vaste sleepers van die twee universiteite:

Uit Tabel B(1) is dit duidelik dat die Potchefstromers (albei geslagte) akademies beter vaar namate hulle langer vas sleep. Hierdie korrelasies is vir albei geslagte saam en ook vir die damesgroep beduidend; ook by die mans is dit redelik hoog:

rs = .41. Op Pretoria korreleer dié twee veranderlikes egter (swak) negatief by albei geslagte. Daar sal gepoog word om hierdie verskille tentatief te verklaar in die lig van die reeds genoemde verskille tussen die twee universiteite:

Vas sleep is 'n meer tradisionele man-dameverhouding as nie-vas-nie sleep. Derhalwe pas dit waarskynlik beter in by die verwagtings, waardes en norme van die Potchefstroomse gemeenskap, en waarskynlik ook, soos al vantevore aangetoon, by 'n relatief groot deel van die studentegemeenskap as sodanig. Sleep word as 'n redelik „ernstige“, dit wil sê huweliksgerigte verhouding gesien. (Dit, onder andere, verklaar moontlik die relatief klein aantal nie-vaste sleepers op Potchefstroom -- vergelyk 4.2.3 hierbo.) Nou kan daar geredeneer word dat studente, namate hulle 'n al langer periode vas sleep, al meer konformeer aan die genoemde norme en beginsels, en dat hulle al meer inskakel by die gemeenskap waarin hulle hulle bevind. Inskakeling bring verligting van spanning, sekuriteit en dies meer, wat bevorderlik is vir persoonlikheidsintegrasie, ego-ontwikkeling en geluk -- en sodoende ook vir die student se akademiese prestasiepeil. Dit moet ook in die gedagte gehou word dat so 'n verhouding in baie gevalle beslis in ooreenstemming is met die student se eie waardesisteem, naas dié van die gemeenskap, wat die uitwerking van so 'n verhouding sal intensifiseer. Met die tyd tree daar natuurlik ook 'n verinniging in die vaste verhouding in; die selfverwesenliking, sekuriteit en persoonlikheidsontploffing wat daarmee gepaard gaan, kan gesien word as faktore wat ook akademies 'n positiewe uitwerking sal hê.

Hoewel vaste verhoudings op Pretoria na alle waarskynlikheid ook wesenlik om dieselfde redes as op Potchefstroom aangeknoop word, naamlik as gevolg van wedersydse aanklank en liefde,


is dit so -- dit is reeds genoem, en blyk ook uit die groter persentasie nie-vaste sleepers op Pretoria -- dat daar vir Pretorianers meer geleentheid is vir sosiale verkeer en ontspanning waaraan deelgeneem kan word sonder om noodwendig vas te sleep. Trouens, 'n vaste verhouding sal 'n student waarskynlik in 'n mate kortwiek in die benutting van die groot verskeidenheid van moontlikhede tot dié soort afleiding. Gevolglik kan dit gebeur dat Pretoriase studente wat vas sleep, algaande gefrustreer raak deur die beperkings wat dié soort verhouding op hulle lê (veral siende dat die beloning van sosiale goedkeuring nie so sterk of so voelbaar is as op Potchefstroom nie). Die gevolge van hierdie frustrasie kom algaande ook op akademiese gebied tot uiting in die vorm van 'n laer peil van akademiese prestasie.

Verder kan daar gedink word aan die feit dat 'n verhouding nie kan terugkeer na 'n laer vlak van betrokkenheid nie. Dit het 'n „marked ~~directional~~ trend" (Waller⁶²). -- As dit dus nie tot niet gemaak word nie, moet 'n verhouding steeds ontwikkel. Omdat Pretoria minder konserwatief is as Potchefstroom, en omdat sosiale kontrole daar moeiliker is vanweë die groot aantal studente (en omdat dit buitendien nie soveel gewig dra nie), kan dit gebeur dat 'n vaste verhouding in baie gevalle vinniger ontwikkel as wat op Potchefstroom die geval sou wees. Gevolglik kan dit wees dat daar gouer 'n punt bereik word waar die verhouding soveel tyd en aandag in beslag begin neem, en/of waar dit gevorder het tot 'n vlak waar daar gekies moet word tussen studies en 'n huwelik, en/of dat konflikte ontstaan as gevolg van die gevorderde aard van die verhouding, sodat studente wat reeds 'n geruime tyd lank vas sleep, se studies (naas ander aspekte van hulle lewe) daaronder begin ly.


Farnsworth¹³⁾ noem ook die moontlikheid dat skuldgevoelens mag ontwikkel wanneer daar nie aan „culturally popular” gedrag voldoen word nie (p. 679) -- en op Pretoria is die NVN-patroon beslis populêr (ten minste meer as op Potchefstroom)!

'n Grafiese voorstelling van die verband tussen die tyd wat studente reeds vas sleep en hulle akademiese prestasiepeil by die twee universiteite, onderskryf die veronderstellings in die vorige paragrafe in 'n mate:

Potchefstroom (M V)



Pretoria (M V)



4.3.2 Uur per week

Die gegewens in Tabele B(2.1) en B(2.2) dui daarop dat die korrelasie tussen hierdie veranderlike en die akademiese prestasie van studente van die twee universiteite min of meer ooreenkom wat betref die VAS- sowel as die NVN-groepe. Dit is naamlik telkens (swak) negatief. Daar kan dus veronderstel word dat studente van die twee universiteite (akademies) eenders reageer op die hoeveelheid tyd wat aan sleepaktiwiteite bestee word. (Vergelyk ook 3.2.3 hierbo.)

4.3.3 Frekwensie van sleep

Wat betref die verband tussen die aantal geleentheid per week wat daar (gemiddeld) gesleep word en studente se akademiese prestasiepeil, verskil die twee universiteite ook nie juis nie -- vergelyk Tabele B(3.1) en B(3.2). Die verband is telkens (heel swak) positief. (Vergelyk ook 3.2.4 hierbo.)

4.3.4 Plaaslik/elders

By nóg Potchefstroom nóg Pretoria verskil die akademiese prestasies van studente wat plaaslik sleep van dié wat elders sleep. Verder presteer die „plaaslik“- en die „elders“-groepe van die twee universiteite byna identies (Tabel B(4)). Ook wat hierdie veranderlike betref, reageer studente dus blykbaar (akademies) dieselfde, ongeag van watter universiteit hulle bywoon.

4.4 Samevattende bespreking

Dit mag wees dat, wat betref universiteite wat geheel en al andersoortig is, daar verskille sal wees ten opsigte van die verband tussen bepaalde aspekte van studente se verhoudingslewe en hulle akademiese prestasiepeil. Moontlik omdat die twee universiteite wat in die huidige steekproef gebruik is,

albei Afrikaanse inrigtings is, het daar in die resultate van hierdie studie heel weinig daadwerklike verskille ten opsigte van die verband tussen aspekte van studente se verhoudingslewe en hulle akademiese prestasiepeil voorgekom.

Wat sleeppatroon betref, reageer elk van die drie sleepgroepe (akademies gesproke) byna identies op dié aspek van hulle verhoudingslewe. Daar is ook nie verskille gevind ten opsigte van die verband tussen die tyd wat aan sleep bestee word of die aantal geleenthede wat daar per week gesleep word (sleepprekwensie) en studente van die twee universiteite se akademiese prestasiepeil nie.

Die verskille wat wel gevind is, naamlik dat die NVN-groep op Potchefstroom proporsioneel heelwat kleiner is as die Pretoriase nie-vaste sleepers,^{*} en dat die periode wat 'n student reeds vas sleep op Potchefstroom beduidend positief en op Pretoria swak negatief korreleer met studente se akademiese prestasie, is (tentatief) verklaar op grond van verskille in die ligging, grootte en aard (veral wat die sosiale klimaat betref) tussen die twee betrokke inrigtings. Dit veroorsaak, in 'n meer of 'n mindere mate, dat andersoortige studente dié universiteite bywoon en ook dat elke universiteit gedurende hulle universiteitsjare 'n bepaalde stempel op studente afdruk in die vorm van sekere waardes, norme, instellings en gewoontes, wat talle fasette van hulle lewe, waaronder hulle verhoudingslewe en hulle reaksies op bepaalde aspekte daarvan, beïnvloed.

* Die verskynsel dat die Potchefstroomse nie-vaste sleepers beduidend beter vaar as die NVN-groep op Pretoria, hang saam met eg. groep se besonder hoë akademiese potensiaal (matriekpunte).

Die verskille is egter min, en meesal klein genoeg om met redelike sekerheid aan te neem dat studente se verhoudingslewe, ongeag watter universiteit hulle bywoon, 'n belangrike faktor is by die bepaling van die peil van hulle akademiese prestasie, en dat dit beslis 'n belangriker rol speel as die aard van die betrokke universiteit.

5 VIERDE REEKS (D): VERGELYKING VAN DIE AKADEMIESE PRESTASIES VAN MANS EN DAMES

5.1 Algemeen

Dit is 'n welbekende feit (wat ook in hierdie studie bevestig is -- vergelyk Hoofstuk 2: 8.3 en Tabel 2 in daardie hoofstuk) dat dames oor die algemeen beter vaar op universiteit as mans (vergelyk Hoofstuk 1: 3.4.2.2).

In die huidige studie en in hierdie reeks gaan dié verskille nie ondersoek word nie; dit is trouens reeds uitgeskakel met die omwerking van die punte van mans en dames na Hull-tellings (Hoofstuk 2:9). Vir hierdie studie is dit van belang om verskille al dan nie te ondersoek tussen mans en dames wat betref die verband tussen aspekte van hulle verhoudingslewe en die peil van hulle universiteitsprestasie.

'n Kort oorsig oor die literatuur het die verwagting laat ontstaan dat mans en dames verskillend sou reageer op ten minste sommige aspekte van hulle verhoudingslewe. Hipotese nommer 9 is dan ook hierop gebaseer.

Hunter en Morgan²⁶⁾ vind byvoorbeeld dat dames $5\frac{1}{2}$ keer soveel emosionele probleme, en ook meer sosiale probleme en probleme met betrekking tot die beplanning van hulle buitemurse bedrywighede as mans rapporteer. Omdat hulle

verhoudingslewe 'n element of faktor kan wees in al hierdie probleemareas, is daar veronderstel dat hierdie verskille tussen die geslagte onder die invloed van sekere fasette van studente se verhoudingslewe sou afneem, en onder ander omstandighede weer sou toeneem. Die aangehaalde ondersoekers vind byvoorbeeld dat dames meer dikwels as mans die behoefte uitspreek „to confide in someone" (p.87), op grond waarvan daar verwag kan word dat dames, wanneer hulle sleep, ten minste hierdie probleem en alles wat daarmee saamhang, sou oplos.

Baie ondersoekers se studies handel oor studente van slegs een geslag (byvoorbeeld Tukey⁵⁵; Möller³⁶; en Malloy³¹), en soms wil dit voorkom asof sekere bevindings nie vir die ander geslag kan geld nie. Ander het weer albei geslagte bestudeer (soos Hunter en Morgan, hierbo aangehaal), en, hoewel hulle nie in die besonder op studente se verhoudingslewe ingegaan het nie, rapporteer hulle wel verskille tussen die twee geslagte wat betref probleemareas wat aan hulle verhoudingslewe verwant kan wees (vergelyk Duff en Siegel¹⁰; Grinder²¹; Miller³³; Roth en Puri⁴³; en talle ander).

Indien daar ook verskille gevind word tussen mans en dames wat betref die verband tussen hulle verhoudingslewe en akademiese prestasie, sal dit geen verrassing wees nie. Immers, die rol wat 'n man en dié wat 'n dame in 'n verhouding speel -- reeds vanaf die aanknoop van die verhouding -- verskil, en daar word verwag dat dit moet verskil. As 'n verhouding of bepaalde aspekte daarvan dan vir die twee geslagte 'n verskillende betekenis het, as hulle sekere fasette van hulle verhouding verskillend beleef en verskillend daarop reageer, sal dit geensins ongerymd wees nie. Ook uiterlike

faktore dra by tot die ontstaan van hierdie veronderstelde verskil: die aard van die samelewing en die rolverwagtings vir die twee geslagte, die feit dat vermaaklikheid en ontspanning gewoonlik geredeliker tot die beskikking van mans is sonder dat hulle hoef te sleep, terwyl 'n dame in meer gevalle moet sleep om deel te kan hê aan vermaaklikheids- en ontspanningsgeleenthede op die kampus; sonder 'n sleep sal sy dikwels verkies om tuis (of in die koshuis) te bly. Sake soos hierdie kan veroorsaak dat sleep vir die twee geslagte 'n verskillende betekenis en waarde het, en dat hulle dit verskillend beleef en op uiteenlopende wyses daarop reageer.

*

Die gegewens in hierdie reeks sentreer om 'n vergelyking van die akademiese prestasies van mans en dames in die drie sleepgroepe. Die tabelle is op hierdie gegewens gebaseer. Daar sal egter ook, soos in die Derde Reeks (C), met terugverwysing na vorige tabelle, gelet word op verskille tussen die geslagte wat betref die verband tussen hulle akademiese prestasie en ander veranderlikes.

5.2 Die sleepgroepe

5.2.1 Beskrywing van die tabelle

Wat vorm betref, is hierdie tabelle identies aan Tabel C in die Derde Reeks -- vergelyk dus 4.2.1 hierbo.

5.2.2 Die tabelle

TABEL D(1) (volgende bladsy)

TABEL D(1)

Akademie se prestasies: Mans vs. Dames

Po+Pr

	AP			MP			AP-MP
	M	V	*?	M	V	*?	rs=
VAS	52.5 (26)	52.7 (62)	nee	49.1 (26)	51.1 (57)	nee	.39 **
NVN	47.5 (15)	44.9 (25)	nee	53.4 (15)	48.4 (24)	nee	.33 *
GN	43.3 (12)	49.1 (25)	nee	47.3 (11)	49.5 (2)	/	.14

Gevolgtrekking: Wat die twee universiteite saam betref, verskil die akademiese prestasies van die mans en die dames by geeneen van die sleepgroepe nie; in die twee gevalle waar die matriekpunt en akademiese prestasie beduidend korreleer, en waar beduidende verskille in die matriekpunt veelseggend sou wees, verskil die matriekpunte nie beduidend nie.

Om vas te stel of die twee geslagte by die een of albei die betrokke universiteite nie moontlik verskillend reageer op die aard van hulle verhoudingslewe nie, word die resultate van die mans en dames by elke universiteit afsonderlik vergelyk in die volgende twee tabelle:

TABEL D(2)

(volgende bladsy)

TABEL D(2)

Akademieles prestasies: Mans vs. Dames

Potchefstroom

	AP			MP			AP-MP
	M	V	*?	M	V	*?	rs=
VAS	51.2 (13)	50.4 (25)	nee	49.1 (13)	50.9 (23)	nee	.45 **
NVN	59.4 (5)	57.9 (4)	nee	66.3 (5)	53.6 (4)	/	.55
GN	37.6 (7)	47.9 (17)	nee	40.2 (6)	44.0 (15)	/	.09

TABEL D(3)

Akademieles prestasies: Mans vs. Dames

Pretoria

	AP			MP			AP-MP
	M	V	*?	M	V	*?	rs=
VAS	53.8 (13)	53.6 (38)	nee	49.1 (13)	50.8 (35)	nee	.33 *
NVN	41.6 (10)	42.5 (21)	nee	47.0 (10)	47.3 (20)	/	.10
GN	51.4 (5)	51.6 (8)	nee	55.8 (5)	61.4 (7)	/	.09

Gevolgtrekking: Tabelle D(2) en D(3) toon aan dat mans en dames by die twee universiteite telkens byna identies reageer

op hulle sleeppatroon. Slegs wat die GN-groep op Potchefstroom betref, verskil die prestasies van die mans en die dames; die mans vaar naamlik heelwat swakker. (Hierdie verskil is egter nie beduidend nie).

5.2.3 Bespreking

In die Derde Reeks (C) is daar gevind dat daar in meer as een geval verskille is ten opsigte van die verband tussen studente van die onderskeie universiteite se verhoudingslewe en hulle akademiese prestasie. Die tabelle in hierdie reeks (D) dui op die merkwaardige en ietwat onverwagte verskynsel dat die man- en damestudente wat 'n bepaalde sleeppatroon volg, in die meeste gevalle bykans identies presteer.

Daar is twee moontlike verklarings vir hierdie verskynsel (waarvan albei gelyktydig geldig kan wees): Eerstens mag dit wees dat mans en dames wat, om watter rede ook al, akademies mekaar se gelyke is, geneig is om dieselfde soort verhouding (indien enige) met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag te verkies. In die tweede plek wil dit voorkom asof die aard of patroon van hulle verhouding vir mans en dames min of meer dieselfde betekenis het -- hulle beleef dit blykbaar eenders en reageer, ten minste wat betref hulle akademiese prestasie, eenders daarop.

Die grootste verskil tussen die geslagte se prestasies is by die Potchefstroomse nie-slepers, waar die mans meer as tien Hull-punte swakker presteer as die dames. Hierdie verskil is wel nie beduidend nie, maar dit is soveel groter as enige ander verskil tussen die punte van die twee geslagte dat dit kortliks bespreek kan word: (Verdere navorsing is egter nodig voordat die saak beter en vollediger begryp kan word.)

Mans wat nie sleep nie, het, veel meer as dames, geleenthede om aan allerlei ontspannings en nie-akademiese vermaaklikhede deel te neem. Wanneer hulle dan, om watter rede ook al, nie wil of kan sleep nie, kan dit gebeur dat hulle in so 'n mate aan hierdie ontspanningsgeleenthede deelneem dat hulle studies daaronder begin ly. Swak punte kan veroorsaak dat hulle hulle instelling geleidelik wysig, sodat hulle boeke algaande 'n minder belangrike plek in hulle lewe begin inneem, wat dan in hulle uiters onbevredigende punte weerspieël word.

Verder kan Ehrmann¹²⁾ se bevinding aangehaal word dat 'n toename in sleepaktiwiteite verband hou met geluk („happiness“) by mans maar nie by dames nie. „The relation between low dating frequency and unhappiness is particularly marked“ (p.117). Dit mag wees dat die mans wat nie sleep nie, hulle ongelukkigheid probeer verdoesel of vergeet deur oormatige oorgawe aan plesierbejag, sodat hulle studies al meer op die agtergrond geskuif word.

Dames wat glad nie sleep nie, daarenteen, het in ons samelewing minder geleenthede tot die soort sosiale ontspanning wat hierbo genoem is, en deelname daaraan sal meer met sosiale afkeur bejeen word. In Jan Tuksbly se karretjie is daar nie veel te doen nie -- en moontlik word daar dan gestudeer bloot om hierdie rede. Dit mag moontlik die GN-dames op Potchefstroom se beter prestasie gedeeltelik verklaar.

Die verskil tussen mans en dames van die GN-groep is slegs op Potchefstroom bemerk. Dit rym met wat in die voorgaande paragrawe gesê is, aangesien daar in dié dorp nie alleen minder geleenthede is tot die soort vermaak waarom dit hier gaan nie, maar ook in die lig van die strenger norme en

sosiale sanksies, wat, vanweë die relatief klein studentege-meenskap, 'n relatief sterk invloed het.

'n Verdere gedagte oor die saak: Roth en Puri⁴³⁾ bevind dat mans wat onderpresteer, meer as dames, geneig is om hulle self-verydelende („self-defeating") gedrag akademies uit te druk. Dames reageer hulle frustrasies op ander terreine uit.

Dit moet ook in gedagte gehou word dat die dame wat teen haar derde jaar (nog) nie sleep nie, waarskynlik begin besef dat sy haarself binnekort sal moet begin onderhou. Gevolglik is sy, meer as die dame wat sleep, gemotiveer om van haar studies 'n sukses te maak.

Die feit dat 'n dame teen haar derde jaar (nog) nie sleep nie, kan ook veroorsaak dat sy 'n intellektuele oriëntasie ontwikkel as kompensasie vir haar mislukking of onvermoë op die gebied van haar verhoudingslewe. As Tukey⁵⁵⁾ dan vind dat intellektueel-georiënteerde dames 'n besondere behoefte aan outonomie en privaatheid openbaar, mag dit beslis wees dat dié eienskappe deel is van 'n kompensasieproses as reaksie op haar situasie. Die Potchefstroomse dames wat nie sleep nie, vaar dan ook beter as wat op grond van hulle matriekpunt verwag is.

Laastens moet daar toegegee word dat die GN-mans op Potchefstroom van al die groepe die laagste akademiese potensiaal (matriekpunt) het. Hulle vaar egter nog swakker as wat op grond van hierdie kriterium verwag kon word, terwyl die GN-dames beter vaar as wat hulle matriekuitslae voorspel het; bogenoemde betoog dra dus tog gewig.

5.3 Ander veranderlikes

5.3.1 Tyd vas

Daar is weinig verskille tussen man- en damestudente ten opsigte van die verband tussen hierdie veranderlike en hulle akademiese prestasie (Tabel B(1)). (Daar is wel verskille ten opsigte van die twee universiteite -- vergelyk

4.3.1 hierbo.) Mans en dames, afhangende van watter universiteit hulle bywoon, reageer dus min of meer dieselfde op hulle verhouding namate hulle al langer vas sleep.

5.3.2 Uur per week

Blykens Tabelle B(2.1) en B(2.2) is die verband tussen hierdie veranderlike en die Pretoriase studente (beide die VAS- en die NVN-groepe) se akademiese prestasiepeil selde sterk, en is die verskil tussen die geslagte weinig.

By Potchefstroom, egter, is daar by sowel die VAS- as die NVN-groepe 'n interessante verskynsel: By die mans korreleer die tyd wat aan sleepaktiwiteite bestee word, telkens positief met hulle akademiese prestasiepeil (VAS: $r_s = .20$; NVN: $r_s = .66$), terwyl dié korrelasies by die dames presies die teenoorgestelde is (VAS: $r_s = -.36$; NVN: $r_s = -.89$).

Hoewel slegs die korrelasie by die VAS-groep se dames beduidend is, verg hierdie eienaardige verskynsel tog 'n bespreking. Daar word na die hieropvolgende afdeling (5.3.3) verwys, en in die besonder na die verwysing na Ehrmann se navorsing.

5.3.3 Frekwensie van sleep

Die korrelasie tussen hierdie veranderlike en studente se akademiese prestasie is relatief swak (Tabelle B(3.1) en B(3.2)). Min of meer dieselfde verskynsel kom egter voor as wat in die vorige afdeling, ten opsigte van die verband tussen die tyd wat aan sleep bestee word en akademiese prestasie, bemerk is, naamlik dat die „sleepfrekwensie" by mans positief en by dames negatief korreleer met hulle akademiese prestasiepeil.

Ter verklaring van hierdie verskynsel kan daar weer na Ehrmann¹²⁾ se navorsing verwys word, en dan veral na sy bevinding dat geluk („happiness") by mans positief korreleer

met „frequency of dating" (p.117), maar nie by dames nie. Geluk veronderstel 'n afname in spanning, 'n toename in sekuriteitsgevoelens -- en dit moet, hoewel indirek, 'n positiewe uitwerking hê op hierdie studente se studies.

Die verskynsel dat toenemende sleepaktiwiteite gepaard gaan met 'n toename in geluk (by mans), kan verklaar word deur te noem dat die feit dat wanneer 'n student al meer tyd aan sy verhoudingslewe bestee, dit mag dui op 'n verinniging in die betrokke verhouding, sodat die voordele en beloning van vas sleep 'n steeds duideliker waarneembare uitwerking het, ook ten opsigte van dié student se akademiese vordering.

Die negatiewe korrelasie tussen hierdie veranderlike en akademiese prestasie by die dames van beide die VAS- en die NVN-groepe, kan ooreenvoudig verklaar word deur te noem dat daar nie genoeg tyd is om ook aan studies reg te laat geskied nie. Waarom dames soveel anders as mans reageer, word egter nie hierdeur verklaar nie. Die aard van die korrelasies strook ook nie met Malloy³⁾ se bevinding dat „The female underachiever dates less regularly than the average girl" (p.262) nie. Verdere navorsing oor dié saak is nodig. Die feit bly egter dat dames se studies negatief getref word namate hulle meer tyd aan sleepaktiwiteite bestee en meer dikwels sleep, terwyl hierdie veranderlikes positief korreleer met mans se akademiese prestasie.

5.3.4 Plaaslik/elders

Blykens Tabel B(4) is daar geen noemenswaardige verskille tussen die akademiese prestasies van mans en dames wat „plaaslik" sleep of die prestasies van mans en dames wat „elders" sleep nie.

Daar kan afgelei word dat mans en dames ten aansien van hierdie veranderlike op dieselfde wyse reageer.

5.4 Samevattende bespreking

Die algemene indruk wat die resultate in hierdie laaste reeks skep, is dat mans en dames merkwaardig eenders reageer op die patroon van en ander faktore in hulle verhoudingslewe.

Al wesenlike verskille tussen die twee geslagte is dié by die Potchefstroomse GN-groep, waar die mans besonder swak presteer (hoewel nie eers beduidend swakker as die dames wat nie sleep nie), en die verskynsel dat die mans wat sleep (beide die VAS- en die NVN-groepe) akademies beter vaar namate hulle meer sleep (die tyd daaraan bestee sowel as die „sleepfrekwensie“), terwyl die verband tussen dié veranderlikes en dames se akademiese prestasie telkens redelik duidelik negatief is. Daar is gepoog om hierdie verskille te verklaar op grond van verskille in die twee geslagte se belewing van hulle verhouding, wat weer gegrond is op die verskille in rolverwagtings vir die twee geslagte in ons samelewing. Geen oortuigende en algemeen-geldige verklaring kon egter gevind word nie.

In die lig van die bevinding dat mans en dames slegs in enkele gevalle verskil wat betref die verband tussen aspekte van hulle verhoudingslewe en hulle akademiese prestasie, kan daar tot die slotsom gekom word dat die twee geslagte, in 'n veel groter mate as wat verwag is, die meeste aspekte van hulle verhoudingslewe eenders beleef of ten minste eenders daarop reageer.

6. OPSOMMING : HOOFSTUK 3

In hierdie hoofstuk is die resultate van die studie tabellaries weergegee. Die bevindings is bespreek, en daar is gepoog om dit te verklaar.

In die volgende (en laaste) hoofstuk, Hoofstuk 4, sal daar weer na die resultate wat hier gerapporteer is, verwys word. Daarom word die vernaamste bevindings nou kortliks opgesom:

A: Daar is duidelike en beduidende verskille tussen die akademiese prestasies van die drie sleepgroepe (VAS/NVN/GN). Die VAS-groep vaar naamlik gewoonlik akademies die beste en die NVN-groep die swakste. Daar is egter enkele uitsonderings (veral by die Potchefstroomse groep).

Wanneer die groepe se matriekpunte egter, as kontrole-faktor, ingevoer word, blyk dit dat hierdie „uitsonderings” nie soseer verband hou met die studente se verhoudingslewe nie. Daar is naamlik die merkwaardige verskynsel gevind dat studente wat vas sleep, byna sonder uitsondering beter vaar as waartoe hulle oënskynlik in staat is (al vaar hulle dan nie noodwendig beter as die ander groepe nie), terwyl die nie-vaste sleepers in omtrent alle gevalle swakker presteer as waartoe hulle in werklikheid in staat is. Die afleiding waartoe gekom moes word, is dat studente se akademiese vordering positief beïnvloed word deur ’n vaste verhouding of deur faktore wat daarmee geassosieer word, terwyl ’n nie-vaste verhouding, en alles wat daarmee saamgaan, ’n stremmende uitwerking op hulle universiteitsprestasie het. (Vergelyk 2.4.2, 2.4.3 en 2.4.5 in Hoofstuk 3.)

Die nie-sleepers se akademiese prestasiepeil word nie duidelik geraak deur die feit dat hulle nie sleep nie. Soms vaar hulle beter en dan weer swakker as wat verwag kon word. (Vergelyk Hoofstuk 3: 2.4.4 en 2.4.5.)

B: Die tyd wat studente reeds vas sleep, korreleer slegs op Potchefstroom beduidend (en dan positief) met hulle akademiese prestasiepeil. (Vergelyk Hoofstuk 3: 3.2.2 en ook 4.3.1.)

Die tyd wat studente aan sleepaktiwiteite bestee, korreleer, wat die steekproef as geheel betref, effens negatief met hulle akademiese prestasiepeil. (Vergelyk 3.2.3 en ook 5.3.2 en 5.3.3 in Hoofstuk 3.)

Die aantal geleenthede waarby daar gemiddeld per week gesleep word (frekwensie) korreleer, wat die steekproef as geheel betref, byna glad nie met studente se akademiese prestasiepeil nie. (Vergelyk Hoofstuk 3: 3.2.4 en ook 5.3.3.)

Die akademiese prestasies van studente wat plaaslik sleep, verskil byna glad nie van die prestasies van dié wat elders sleep nie. (Vergelyk Hoofstuk 3: 3.3.)

C: Daar is enkele verskille gevind tussen die twee universiteite wat betref die verband tussen aspekte van studente se verhoudingslewe en hulle akademiese prestasie. Oor die algemeen toon die resultate van die twee universiteite egter merkwaardige ooreenkomste. (Vergelyk Hoofstuk 3: 4.4.)

D: Tussen die twee geslagte is daar byna geen verskil gevind nie wat betref die verband tussen aspekte van hulle verhoudingslewe en die peil van hulle akademiese prestasie. (Vergelyk Hoofstuk 3: 5.4.)